

## HOOFTUK X

### LIBERTAS WORD PRESIDENTSWONING IN DIE TYD VAN DIE BOTHAS, 1976-1989

#### A PW BOTHA EN SY GESIN

"Op sy knieë voor sy stoel soos 'n klein kind voor sy bed, so bid die Eerste Minister in sy kantoor saam met my", vertel die gewese hoofkapelaan van die Weermag, Koos van Zyl. PW Botha het 'n lang openbare loopbaan agter die rug gehad en in sy leiersposisie het hy elke dag sy diepe afhanklikheid van Christus bely. Hy het geglo dat "the success or failure of a culture is deeply related to the religion of the people". Volgens hom het politiek niks met godsdiens te doen nie, maar is die kerk die geestelike en morele vesting vir volk en gesin. Hy was 'n Bybelstudent en dikwels is hy met sy Bybel en 'n kommentaar gevind, besig om sy eie aantekeninge te maak. In die kantlyne van sy toesprake het dikwels verwysings na Bybeltekste voorgekom.<sup>1</sup>

Pieter Willem Botha is op 12 Januarie 1916 op Telegraaf, 'n plaas in die distrik Paul Roux in die Vrystaat, gebore. Hy het sy skoolloopbaan op Paul Roux begin en dit op Bethlehem voltooi. Hy is daarna na die Universiteit van die Oranje-Vrystaat maar het nie gegraduateer nie, omdat hy op twintigjarige ouderdom besluit het om die politiek sy loopbaan te maak.<sup>2</sup> Sy vader het die besluit van Botha met ongemak aanvaar, maar sy moeder se raad was dat hy sy hart moes volg.<sup>3</sup> Volgens FW de Klerk was PW Botha die laatlammetjie van bejaarde ouers en is gesê dat hy baie deur hulle bederf is en altyd sy sin gekry het.<sup>4</sup>

Botha is deur DF Malan as politieke organiseerder vir die Nasionale Party in die Kaapprovinsie aangestel. Later was hy verantwoordelik vir die advertensieveldtog vir die 1948-verkiesing wat onverwags deur die Nasionale Party gewen is. In dié verkiesing het Botha ook 'n setel in die Parlement verower en dit 36 jaar, die langste van alle lede, verteenwoordig. In 1948 is hy as die Sekretaris van die Nasionale Party in Kaapland aangestel.<sup>5</sup>

---

<sup>1</sup> D. de Villiers & J. de Villiers, *PW*, pp. 45-46.

<sup>2</sup> P.K. Byers, (ed.), *Encyclopedia of World Biography*, p. 346.

<sup>3</sup> A. Ries & E. Dommissie, *Leierstryd*, p. 46.

<sup>4</sup> F.W. de Klerk, *Die laaste trek - 'n nuwe begin*, p. 83.

<sup>5</sup> P.K. Byers, (ed.), *Encyclopedia of World Biography*, p. 347.

In 1958 is hy as Adjunk-minister van Binnelandse Sake in HF Verwoerd se Kabinet aangestel. Drie jaar later het hy Minister van Binnelandse Sake geword en in 1966 Minister van Verdediging. Gedurende sy termyn as Minister van Verdediging het die verdedigingsbedryf nuwe hoogtepunte bereik. In sy ampstermyn van veertien jaar as Minister van Verdediging het die verdedigingsbegroting ongeveer twintig keer verdubbel, die wapenbedryf het te midde van internasionale sanksies grootliks selfonderhoudend geword en is nuwe geleenthede vir vroue in die Suid-Afrikaanse Weermag geskep.<sup>6</sup>

Sy persoonlikheid en dryfkrag was sy sterkpunte. Hy het nie geweifel om van raadgewers gebruik te maak nie en as die besluit eers geneem was, was hy die een wat dit deurgevoer het. Vir sy vriende en die kiesers het hy deur al die jare dieselfde gebly. Hy het nie op seremonie aangedring nie. Genl. Hein du Toit het as direkteur van militêre inligting gereeld saam met Botha as Minister van Verdediging gereis. Botha het in die ekonomiese klas gereis, self sy bagasie gehanteer en op gewone busse en treine gereis. Van spesiale reëlings vir hom wou hy niks weet nie.<sup>7</sup>

Hy het hard op kantoor gewerk, maar tyd tuis het aan sy gesin behoort. Hy het nie sorg van die kantoor af gebring nie, maar soms het sy vrou hom aangetref waar hy in sy studeerkamer besig was om te bid. Dan het sy geweet dat hy leiding van Bo nodig gehad het. Hy was glad nie moeilik om mee saam te leef nie en was bedagsaam teenoor sy vrou. Hy kon sukkelaars en ploeteraars nie verdra nie en niemand moet iets twyfelagtigs by hom gewaag nie. Hy het vinnig besluite geneem en sy werk afgehandel soos dit voor hom gekom het. Hy het nie uitgestel of daarmee gesloer nie en hy het dieselfde van ander mense verwag. Volgens sy vrou was hy glad nie kwaai nie; hy het net vir effek so geklink. Barend du Plessis – wat in die tyd van Botha 'n lid van die Kabinet was - het as skerp waarnemer die uitbarstings beskryf as "niks anders nie as georkestreerde styl" nie.<sup>8</sup> Volgens Botha self was hy nie 'n lamsak wat almal tevrede wou stel of 'n drilvis wat deur almal rondgestoot kon word nie.<sup>9</sup>

<sup>6</sup> P.K. Byers, (ed.), *Encyclopedia of World Biography*, p. 347.

<sup>7</sup> D. de Villiers & J. de Villiers, *PW*, p. 118.

<sup>8</sup> D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, pp. 54-55, 119.

<sup>9</sup> A. Ries & E. Dommissie, *Leierstryd*, p. 59.

Javier Pérez de Cúellar (1982-1992), die voormalige Sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies, het opgemerk dat van al die wêreldleiers wat hy al ontmoet het, Deng Xiaoping en PW Botha hom die meeste beïndruk het met die persoonlike mag wat hulle uitgestraal het.<sup>10</sup> Alan Paton, die bekende Suid-Afrikaanse skrywer, het gesê: "In my tyd was daar agt Eerste Ministers en van hulle is PW Botha die beste."<sup>11</sup>

In 1978 het eerste minister BJ Vorster bedank en het Botha hom op 28 September 1978 opgevolg. Daar was 'n groot verskil in die bestuurstyl van die twee Premiers. Die Kabinetsvergaderings is in Vorster se tyd sonder veel struktuur aangepak en daar is sommer in 'n A4-boek deur die mees junior minister notules gehou. Daar was geen vaste komitees nie en gevolglik het baie *ad hoc*-komitees ontstaan. Met Botha se oornome is die reëlins ingrypend verander. Die Kabinet het 'n sekretaris gekry wat behoorlik notule gehou het en vaste komitees is aangewys om na spesifieke sake om te sien. Sy bestuurstyl het 'n beduidende verbetering in die bestuursdoeltreffendheid van die regering en staatsdepartemente gebring.<sup>12</sup>

Hy het 'n uitmuntende organisasievermoë gehad en was baie lojaal teenoor dié wat lojaal aan hom was. Hy was genadeloos teenoor dié wat hom teengestaan of ondergrawe het. PW Botha het aan die hoof van Kabinetsvergaderings gestaan: soms soos 'n vader en soms soos 'n dreigende arend. Sy bestuurstyl het nie oop en vrye bespreking aangemoedig nie. Hy het ministers wat 'n ander weg as hy wou volg, baie gou en soms hardhandig op hulle plek gesit.<sup>13</sup>

Die nuwe Eerste Minister het die nodigheid vir hervormings in die land ingesien en die land in daardie rigting probeer stuur. Hy het die mense ingelig dat hulle moet aanpas of ondergaan. Interne struwelinge in die Nasionale Party tussen die konserwatiewes en die res van die lede het die hervorming vertraag. Met die wegbreek van die konserwatiewes in 1982 kon Botha met sy hervorming voortgaan en is die driekamer-parlement ingestel, wat stemreg aan Kleurlinge en Indiërs gegee het. Die nuwe stelsel het ook meegebring dat die amp van Eerste Minister deur een

---

<sup>10</sup> F.W. de Klerk, *Die laaste trek - 'n nuwe begin*, p. 86.

<sup>11</sup> D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, p. 118.

<sup>12</sup> F.W. de Klerk, *Die laaste trek - 'n nuwe begin*, pp. 84, 87.

<sup>13</sup> F.W. de Klerk, *Die laaste trek - 'n nuwe begin*, pp. 83, 85.

van Uitvoerende President vervang is.<sup>14</sup> Daarmee saam het die posisie van Libertas verander van die woning van die Eerste Minister na die woning van die President.

Pieter Willem Botha en Anna Elizabeth (Elize) Rossouw, die dogter van ds. Servaas Hofmeyr Rossouw van Senekal, buurdorp van die dorp waar Botha gebore is,<sup>15</sup> se paadjies het op Stellenbosch gekruis. Die twee het tydens 'n vertoning van die rolprent *Gone with the wind* op mekaar verlief geraak.<sup>16</sup> In haar tweede studiejaar aan die Universiteit van Stellenbosch het hulle verloof geraak. Die ligte sjarme van die blou-oog-pastoriedogter het die ernstige Pieter betower en sy was beïndruk deur sy erns, toewyding en onverskrokkenheid. Sy was baie lewenslustig en het vroulikheid met intelligensie gekombineer. Sy kon die wêreld met gemak betree en tog nog haarself bly.<sup>17</sup>

Hulle is op 13 Maart 1943 getroud nadat Elize Rossouw haar BA-graad behaal het. Veertig jaar later het Botha nog gesê dat dit die beste ding was wat in sy lewe gebeur het. Dit was 'n gemeentetroue waarmee al die vrouens behulpsaam was. In die skrapse na-oorlogsjare was dit maar moeilik om die 1 600 gaste, wat later 2 000 geword het, te onthaal. Dr DF Malan het van Kaapstad af gekom om 'n tjek namens hom en ander Volksraadslede aan die paartjie te oorhandig (fig.89).<sup>18</sup> Uit die huwelik is vyf kinders gebore: twee seuns, Pieter en Rossouw, en drie dogters, Elanza, Amelia en Rozanne (fig.91).<sup>19</sup>

Die Botha-gesin was die toonbeeld van die Afrikaanse gesin en volgens die skrywer van 'n biografie oor Botha, B Pottinger, het slegs Botha se gebrek aan persoonlike sjarme die gesin daarvan weerhou om tydens sy bewindsjare meer in die kalklig te tree.<sup>20</sup>

<sup>14</sup> P.K. Byers, (ed.), *Encyclopedia of World Biography*, p. 347.

<sup>15</sup> D. de Villiers & J. de Villiers, *PW*, p. 48.

<sup>16</sup> I. Wessels, Mev Elize Botha bewaak die tuisfront, *Sarie* 13, 1978-12-03, p. 26.

<sup>17</sup> D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, p. 48.

<sup>18</sup> D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, p. 49.

<sup>19</sup> I. Wessels, Mev Elize Botha bewaak die tuisfront, *Sarie* 13, 1978-12-03, p. 25.

<sup>20</sup> B. Pottinger, *The Imperial presidency*, p. 69.



**Figuur 89:** Die Botha-egpaar op hulle troudag, 1943-03-13.

Uit: *Bylae by die Burger*, 1986-05-01, p. 2.

Hulle het in 'n woonstel in Tamboerskloof gaan woon, waar mev Botha baie tyd alleen deurgebring het, terwyl haar man sy aandag aan die sake van die Nasionale Party gewy het. Haar pastorie-agtergrond het haar op 'n lewe saam met PW Botha voorberei. Die voorbeeld van haar pastoriemoeder het haar gehelp om die ongereeldheid van haar man se program, onberispelike gasvryheid en die begroting met die min geld te trotseer. Van haar vader het sy haar wye belangstelling en patriotisme gekry.<sup>21</sup> Haar vader was die eerste predikant wat in Afrikaans gepreek, mense in die huwelik bevestig en kinders gedoop het.<sup>22</sup>

Elize Botha was volgens haar man 'n hedonis veral as sy dit so met 'n verjaarsdag en die feestelikheid daarvan kon geniet. "Jou verjaardag," het die Eerste Minister vir sy vrou gesê "is soos 'n Swazi-begrafnis: dit hou 'n week aan met eet en drink!" Hulle persoonlikhede het mekaar aangevul. Haar kalme rustigheid en milde humorsin het sy intensiteit en dryfkrag afgerond. Die man wat met die stroewe politiek en regeringsake te doen gehad het, is deur haar bruisende lewensliefde gesteun.<sup>23</sup>

<sup>21</sup> D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, p. 49.

<sup>22</sup> I. Wessels, Mev. Elize Botha bewaak die tuisfront, *Sarie* 13, 1978-12-03, p. 26.

<sup>23</sup> D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, p. 49.

Voor Botha Premier geword het, het Elize Botha 'n aneurisme gehad waarvoor sy geopereer moes word. Dit was vir haar gesin 'n spanningsvolle tyd maar haar herstel was volkome. Daar was geen gevolge van breinbloeding nie. Botha het net voor sy verkiesing tot Kaaplandse leier die Nasionale Party gewaarsku dat as sy vrou se gesondheid nie verbeter nie, hy die politiek sou verlaat. Haar gesondheid het verbeter en hy het in die politiek gebly.<sup>24</sup>



**Figuur 90:** Mnr. PW Botha lewer sy eerste toespraak as Eerste Minister, 1967-09-28.

Uit: A. Ries en E. Dommissie, *Leierstryd, dramas rondom die uittrede van pres. P.W.Botha*, (Kaapstad, 1990), p. 2.

Die gesin het as 'n baie hegte eenheid saamgewerk. So het die gesin tydens die groot breinoperasie van mev Botha mekaar so gesteun en haar bygestaan dat die ondervinding vir haar net mooi herinneringe ingehou het.<sup>25</sup>

<sup>24</sup> D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, pp. 54, 112.

<sup>25</sup> I. Wessels, Mev. Elize Botha bewaak die tuisfront, *Sarie* 13, 1978-12-03, p. 25.

Met Botha se verkiesing tot hoofleier van die Nasionale Party was sy eerste woorde voordat hy met sy toespraak begin het: "Waar is my vrou?" Eers nadat sy op die trappe van die Senaatsaal langs hom gaan staan het, het hy sy eerste toespraak as hoofleier gehou (fig.90).<sup>26</sup> Sy kort toespraak is afgesluit met 'n dankie aan sy familie en sy "liewe vrou."<sup>27</sup>

Hulle kinders moes deur die jare baie opoffer as gevolg van hulle vader se posisie en mev Botha wou nie gehad het dat hulle nog verder daardeur benadeel word nie. By geleentheid het 'n onderwyser aan die Hoërskool Jan van Riebeeck in Kaapstad aan haar gesê dat haar kinders nie spesiale behandeling moes verwag omdat hulle ministerskinders was nie. Haar antwoord aan hom was dat die teenoorgestelde ook waar was. Sy sou dit nie duld dat teen haar kinders gediskrimineer word net omdat hulle pa belangrik was nie. Sy onthou nog een van haar dogters se antwoord op die vraag of sy nie PW Botha se dogter was nie. Haar antwoord was dat sy is, maar dat hulle dit nie teen haar moet hou nie.<sup>28</sup>

## **B DIE BOTHAS IN LIBERTAS**

Botha het op 14 September 1984 Suid-Afrika se eerste Uitvoerende Staatspresident geword. Daarmee saam het Libertas die President se ampswoning geword.<sup>29</sup>

Die Bothas het Libertas bo die Herbert Baker-ontwerpte Presidensie as ampswoning verkies. Libertas was volgens mev Botha baie goed ingerig vir die ontvangs van besoekers en tog ook gerieflik vir 'n gesin. Buitelandse besoekers het dit as 'n besondere ampswoning beskou. Die pragtige uitsig en die tuine was 'n groot bate. In die warm somermaande was die swembad 'n definitiewe voordeel, maar die woning was in die wintermaande soms 'n bietjie koud.<sup>30</sup>

Volgens John Reinders, voormalige kontroleur van die huishouding, het die Bothas hulle selde in Libertas bevind. Tydens die maande wat Botha in Pretoria moes wees, het hy van Maandag tot Woensdag in Libertas gebly het en dan vir die res van die tyd terug Kaap toe gegaan. Omdat haar jongste seun nog op skool in die Kaap was, het mev Botha byna nooit in die woning oornag nie,

<sup>26</sup> D. Prinsloo, *Stem uit die Wilderness*, p. 81.

<sup>27</sup> D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, p.112.

<sup>28</sup> I. Wessels, Mev. Elize Botha bewaak die tuisfront, *Sarie* 13, 1978-12-03, pp. 23, 25.

<sup>29</sup> G. van Rensburg, FW moet trek, Nelson wil Libertas hê, *Beeld*, 1994-06-08, p. 1.

<sup>30</sup> Skriftelike mededeling: E. Botha, Die Anker, Wilderness, 6560, 1997-02-27.

maar slegs vir 'n dag vir 'n spesifieke geleentheid na Libertas gekom.<sup>31</sup> Volgens Marike de Klerk het die twee verweerde stoele voor die beeldradiostel in die klein sitkamertjie boekdele gespreek oor waar Botha en sy perssekretaris baie ure deurgebring het.<sup>32</sup>

Mevrou Botha het gevoel dat sy deur die jare vir 'n huislike en private atmosfeer gesorg het waar ook al die gesin gewoon het. Dit was omdat sy geglo het dat haar man na 'n lang dag op kantoor na 'n rustige, huislike plek moes terugkeer. Amptelike huise was al wonings wat haar kinders geken het en daarom het sy gesorg dat die ampswonings vir hulle 'n tuiste was. Elkeen moes 'n plekkie hê wat haar of sy eie was. Rossouw Botha was sedert Marietjie Malan die eerste kind wat in die ampswonings ingewoon het en sy ma het seker gemaak dat hy in elke verblyfplek minstens twee vertrekke net vir homself gehad het. " 'n Ou seuntjie moet tog speelplek hê. Dit is al huis wat hy het, laat hom speel", was haar siening. Vir die jongste dogter, Rozanne, was daar altyd 'n plekkie waar sy haar vriende kon onthaal en plate kon speel as sy wou.<sup>33</sup>

Mevrou Botha was lief daarvoor om haar eie goed om haar te hê. Sonder haar eie goed het sy nie tuis gevoel nie en haar hand kon baie gou in 'n ampswoning waargeneem word. Botha het altyd gesê dat sy 'n versamelvoël was.<sup>34</sup> Van die amptelike wonings was Westbrooke in die Kaap die Bothas se gunsteling (fig.91). Dit was natuurlik dat hulle die Kaapse ampswoning sou verkies omdat hulle hulle daar soveel meer tuis gevoel het.<sup>35</sup> Mevrou Botha het, soos Tini Vorster oor Groote Schuur, navorsing oor Westbrooke gedoen. Sy het meegewerk aan 'n brosjure oor Westbrook wat in 1982 die lig gesien het. Dit het van die talle treffende items in die woning beskryf.<sup>36</sup>

---

31 Mondelinge mededeling: J. Reinders, voormalige Kontroleur van die Eerste Minister en later die President se Huishouding, 1980-1989, tans Hoof van Protokol en Seremoniële Dienste, Kantoor van die Presidensie, Uniegebou, Pretoria, 1999-11-24.

32 M. Maartens, *Marike, a journey through winter and summer*, p.137.

33 I. Wessels, Mev. Elize Botha bewaak die tuisfront, *Sarie* 13, 1978-12-03, p. 23.

34 I. Wessels, Mev. Elize Botha bewaak die tuisfront, *Sarie* 13, 1978-12-03, p. 36.

35 Mondelinge mededeling: J. Reinders, voormalige Kontroleur van die Eerste Minister en later die President se Huishouding, 1980-1989, tans Hoof van Protokol en Seremoniële Dienste, Kantoor van die Presidensie, Uniegebou, Pretoria, 1999-11-24.

36 Anon, 'n Statige woning, *Suid-Afrikaanse Panorama*, Desember 1983, p. 46.





**Figuur 91:** Westbrooke (nou Genadendal)

Foto: J. Reinders, s.a.

### 1. *Inrigting*

Die binnenshuisversierders van die Departement van Openbare Werke is die personeel wat by die versiering van die verblyfplekke van die staat betrokke is. Hulle werk gewoonlik volgens 'n meesterplan sodat hulle hulle aankope goed beplan en nie onnodig geld bestee nie. Hulle kies die kleurskemas sodat hulle nie artikels hoef te vervang wat nog goed is nie. Die styl van die woning lei hulle ook in hulle keuses omdat die meubilering by die woning moet aanpas. Hulle werk egter nie net met huise nie, maar ook met inwoners en moet by die keuses van die kleure en idees die mense se smaak in gedagte hou. Soms moet die versierders heeltemal van hulle idees afsien om die inwoners tevrede te stel.<sup>37</sup>

In die Botha-era is die mure van die Pierneefkamer geverf om by die kleure van die twee skilderye aan te pas. Mevrou Botha het 'n voorliefde vir ligroos gehad en wou graag dié kleur so ver moontlik in die binnenshuiseversiering gebruik (fig.92).<sup>38</sup>

<sup>37</sup> L. van Zyl, Hulle is kunstenaars in eie reg, *Publico*, June 1995, pp. 24-25.

<sup>38</sup> Mondelinge mededeling: S. Boonzaaier, Arcadiastraat 976, Arcadia, Pretoria, 0083, 0001, 1998-04-09.



**Figuur 92:** Die Pierneefvertrek in Libertas in die Bothas se tyd.

Foto: J. Reinders, (s.a).

'n Paar van die stoele in die Pierneefvertrek is met pienk damas oorgetrek en van die slaapkamers is versier met blou en pienk materiaal wat heeltemal te helder vir die woning was. Die materiaal is by mev Botha aanbeveel deur 'n persoon wat Libertas nog nooit besigtig het nie en die versiering van die slaapkamers was dus 'n duur ramp. Van die noordelike slaapkamers is later deur die Departement van Openbare Werke herversier, maar party het onveranderd gebly, behalwe vir die grootste foute wat reggestel is.<sup>39</sup> Marike de Klerk vertel dat die groot brokaat-en-kant gedrapeerde bed in die hoofslaapkamer, die stoele wat duidelik herhaaldelike kere oorgetrek is en die te styf-oorgetrekte oorgrootkussings van die meubels haar by haar intrek in Libertas geskok gelaat het.<sup>40</sup>

'n Slaapkamer aan die noordwestelike end van die eerste verdieping is in 'n eetkamer vir die gesin omgeskep. Dit was geselliger as die groot formele eetkamer op die grondvlak.<sup>41</sup>

<sup>39</sup> Mondelinge mededeling: S. Boonzaaier, Arcadiastraat 976, Arcadia, Pretoria, 0083, 1998-04-09.

<sup>40</sup> M. Maartens, *Marike, a journey through winter and summer*, pp.137-138.

<sup>41</sup> Mondelinge mededeling: S.Boonzaaier, Arcadiastraat 976, Arcadia, Pretoria, 0083, 1998-04-09.

'n Groot instapkoelkamer is vir die wild van die jageisoen aangebou. Dit kon tot twintig karkasse op 'n keer hou; genoeg vir die wildsbiltong. Verder is 'n ontsnappingstonnel uit die wynkelder na buite die ampswoning gebou.<sup>42</sup>



**Figuur 93:** Mnr en mev Botha in Libertas se kombuis.


Die personeel is besig om wildsvleis te bewerk.

Foto: J. Reinders (s.a.).

Van die veranderinge aan Libertas tydens die Botha-era was dat die eerste verdieping se klein noordelike stoepe en die ingangsportaal toegebou is om aan die hoofslaapkamersuite 'n groter aantrek- en badkamer te gee (fig. 94, 95).<sup>43</sup>

<sup>42</sup> Mondelinge mededeling: H. Botha, Interplan Argitekte, Embankmentweg 1262, Verwoerdburgstad, 7441, 1996-12-13.


<sup>43</sup> Skriftelike mededeling: B. Brownlee, Korannabergweg 77, Waterkloofrif, Pretoria, 0181, Julie 1997.



**Figuur 94:** Die hoofslaapkamer van Libertas, ca. 1989.

Op die plan kan gesien word hoe die portiek, die “*sleeping porch*” toegebou is vir ‘n badkamer.

Uit: Oorgeneem van en aangepas uit planne van die Departement van Openbare Werke.




**Figuur 95:** Die oorspronklike planne vir die hoofslaapkamer van Libertas

Op dié oorspronklike plan van Moerdyk kan die uitleg van die hoofslaapkamer gesien word. Die “*sleeping porch*” is in Botha se tyd toegebou om die badkamer te vergroot.

Uit: Oorgeneem van en aangepas uit die planne van die Departement van Openbare Werke.

Gedurende die Bothas se tyd is al die geskenke wat ontvang is in die eetkamer uitgestal. Baie van die geskenke soos tapisserieë, was afkomstig uit die TBVC-state - Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei. Die vertrek het later so ‘n Afrika-tema ontwikkel dat Botha baie politieke onaanvaarbaar na die vertrekke in die woning as die Pierneefkamer, die kiamkamer en die “kafferkamer” verwys het.<sup>44</sup>

Die *porte-cochère* om mense by die trappe op pad na die voordeur teen die elemente te beskerm, is teen die middel van die tagtigerjare van die vorige eeu aangebou. Die ontwerp daarvan is deur die Departement van Openbare Werke gedoen (fig. 96).<sup>45</sup> Daarmee is die probleme opgelos van reën wat by die voordeur invloei en wat reeds sedert Smuts se tyd bestaan het.



**Figuur 96:** Die inryportaal (“porte-cochère”).

Foto: R. Simpson, *Libertas*, (s.a) n.p.

In die tyd is begin met ‘n inventaris van die protea-silwerware wat in *Libertas* gebruik is. Voorheen het geen volledige inventaris van die silwerware bestaan nie.<sup>46</sup> Of die protea-silwerware dieselfde is as dié wat in Malan se tyd in gebruik geneem is, is nie duidelik nie.

<sup>44</sup> Mondelinge mededeling: J. Reinders, voormalige Kontroleur van die Eerste Minister en later die President se Huishouding, 1980-1989, tans Hoof van Protokol en Seremoniële Dienste, Kantoor van die Presidensie, Uniegebou, Pretoria, 1999-11-24.

<sup>45</sup> R. Simpson, *Libertas*, n.p.

<sup>46</sup> Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, *Libertas*, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

## 2. *Tuine*

Mevrou Botha was lief vir blomme. Soms was sy lus om sommer iemand van die straat af te gaan roep om te gaan kyk hoe lyk die blomme in haar tuin of woning.<sup>47</sup> Mevrou Botha het baie van die rangskikkings vir die huise, veral in Westbrooke, sommer self met vars blomme uit die tuine gedoen.<sup>48</sup>

## 3. *Personeel*

Die huishouding van Libertas het onder die beheer van die kontroleur van die huishouding, John Reinders, gestaan. Hy het die administrasiesetel toegepas wat Botha ingestel het, en dit voldoen steeds aan die toenemende eise wat tans aan die Kantoor van die Presidensie gestel word. Volgens Reinders het Botha nooit toegelaat dat administrasie ophoop nie. 'n Personeelid sou met papierwerk in sy kantoor instap en dan weer met dit afgehandel daar uitstap: 'n administrateur met uitstaande vermoëns.<sup>49</sup>

Elias Aphone het Botha as 'n sterk persoonlikheid beskryf. Hy was egter warm en vriendelik en het sy personeel goed behandel. Met sy terugkeer na Libertas het hy altyd die personeel met 'n handdruk gegroet. Met Kerstyd het hy vir elke personeelid 'n geskenk gekoop en almal het in die gange vergader om Kerswense te wissel. John Camala het tydens die Botha-era steeds by Libertas gewerk. Vir hom was Botha 'n heeltemal ander man as die een wat op televisie so vinger gewys het. Hy was gemoedelik met Camala en het altyd 'n tydjie gehad om met hom te gesels voordat hy in die motor geklim het. Hy was vriendelik met die huishoudingpersoneel en hulle het dit geniet om vir hom te werk. Hy het selfs aan Camala vertel van sy ontmoeting met Nelson Mandela. Hulle het vir 10 jaar baie goed saamgewerk, sodat Camala gevoel het dat Botha vir hom soos 'n vader was. Vir Camala was dit onaangenaam toe Botha siek geword het en dit was 'n hartseerdag toe hy Libertas verlaat het. Dit was soos om 'n familielid te sien weggaan.<sup>50</sup>

<sup>47</sup> I. Wessels, Mev. Elize Botha bewaak die tuisfront, *Sarie* 13, 1978-12-03, p. 26.

<sup>48</sup> J. Reinders-lêers: Ongedateerde koerantknipsel, n.p.

<sup>49</sup> Mondelinge mededeling: J. Reinders, voormalige Kontroleur van die Eerste Minister en later die President se Huishouding, 1980-1989, tans Hoof van Protokol en Seremoniële Dienste, Kantoor van die Presidensie, Uniegebou, Pretoria, 1999-11-24.

<sup>50</sup> E.Yayiya, Madiba's men, *Pace*, 1995-09, pp. 45-46.

Mevrou Botha het die voorstelle vir spyskaarte goedgekeur en stilweg haar eie smaak op elke geleentheid afgedruk. Een van haar eerste besluite was om die servette met afbeeldings van die ampswonings daarop te vervang deur fyn geborduurde servette. Haar liefde vir blomme het ook uiting gevind in die opdrag dat 'n vars blom in die piering van elke gas se teekoppie geplaas moes word.<sup>51</sup>

Aanvullende huishoudingpersoneel is op versoek van mev Botha uit die Suid-Afrikaanse Weermag gekry omdat sy die verbintenis van Botha met die Weermag wou behou. Elke keer wat hulle tyd by Die Anker, hulle vakansiehuis in die Wilderness, deurgebring het, het die huishoudingpersoneel van die amptelike wonings ook saamgegaan.<sup>52</sup>

#### **4. Onthale en besoekers aan Libertas**

Die feit dat die Bothas die Kaap - en spesifiek Westbrooke - bo Libertas verkies het, het beteken dat al die belangrike en groot onthale in die Kaap gehou is. Die jaarlikse staatsbanket het in die Kaap plaasgevind en daar is vir twee aande na mekaar by Westbrooke amper 600 gaste op 'n keer na 'n banket genooi. Nie net het al die belangrike onthale daar plaasgevind nie, maar buitelandse besoekers was in die ontstuijige jare tagtig van die vorige eeu min.<sup>53</sup> Gevolglik het geen onthale van belang by Libertas plaasgevind nie.

Oorsese besoekers aan die Kaap soos die Vise-Premier van die Republiek van China, Chuang-huan Chiu, is in 1983 in die Kaap met 'n banket ontvang, 'n staatsbanket vir regeringshoofde van die TBVC-state is in Februarie 1984 in die Hotel Cape Sun aangebied en die oorhandiging van die Staatspresidentsporttoekennings en die sportmerietoekeennings het in Mei 1987 in Tuynhuis plaasgevind.<sup>54</sup>

---

<sup>51</sup> I. Wessels, Mev. Elize Botha bewaak die tuisfront, *Sarie Marais* 13, 1978-12-03, p. 36.

<sup>52</sup> Mondelinge mededeling: J. Reinders, voormalige Kontroleur van die Eerste Minister en later die President se Huishouding, 1980-1989, tans Hoof van Protokol en Seremoniële Dienste, Kantoor van die Presidensie, Uniegebou, Pretoria, 1999-11-24.

<sup>53</sup> Mondelinge mededeling: J. Reinders, voormalige Kontroleur van die Eerste Minister en later die President se Huishouding, 1980-1989, huidig Hoof van Protokol en Seremoniële Dienste, Kantoor van die Presidensie, Uniegebou, Pretoria, 1999-11-24.

<sup>54</sup> J. Reinders-lêers: koerantknipsels, spyskaarte en amptelike programme.

Onthale wat wel in Libertas aangebied is, was skemeronthale, formele etes en funksies wat gespruit het uit die verpligtinge wat met die Transvaalse gedeelte van die Nasionale Party en die regering nagekom moes word. Soms is 'n tent op die noordelike terras opgeslaan om so die eetkamer vir meer sitplek te vergroot (fig. 97). Kleiner etes is in die kleiner eetkamer aangebied. Botha het dikwels individue vir middagete genooi, waartydens privaat in die klein eetkamer geëet is.<sup>55</sup>



**Figuur 97:** Die tent wat soms gebruik is om die onthaalruimte te vergroot.

Let op die gebruik van die eetkamerstoele uit Libertas se eetkamer.

Foto: J. Reinders (s.a.).

In Libertas se gasteboek is aanduidings dat onthale intiem en meestal polities van aard was. In 1979 was FW en Marike de Klerk van Bryntirion 18, van die gaste. In 1982 het Barry Ronge, bekende joernalis, in Libertas gekuier en ook in 1982 was die De Klerk-egpaar en andere saam met H Kissinger, Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake in Libertas.<sup>56</sup> By laasgenoemde geleentheid het die spyskaart gemarineerde springbokboud, brandewyntert en plaaslike wyne van die KWV ingesluit. Die uitslae van die referendum oor die driekamer-parlement is in ook

<sup>55</sup> Mondelinge mededeling: J. Reinders, voormalige Kontroleur van die Eerste Minister en later die President se Huishouding, 1980-1989, tans Hoof van Protokol en Seremoniële Dienste, Kantoor van die Presidensie, Uniegebou, Pretoria, 1999-11-24.

<sup>56</sup> Libertas-gasteboek, 1979-1984: Mahlamba Ndlopfu, Bryntirion, 0083, Pretoria, n.p.



Libertas ingewag saam met mense soos RF Botha, toenmalige Minister van Buitelandse Sake (fig. 98).<sup>57</sup>



**Figuur 98:** Die uitslae van die referendum oor 'n driekamerparlement word by Libertas afgewag.

Een van die gaste wat voor die bord met die uitslae staan, is RF Botha, toenmalige Minister van Buitelandse Sake (regs).

Foto: J. Reinders (s.a.).

Die eerste teepartytjie wat mev Botha by Libertas aangebied het, is bygewoon deur die Presidentsvrou, mev Tini Vorster, die vrouens van ander hoogwaardigheidsbekleërs en van besoekende Ministers van Buitelandse Sake vir die beraad oor Suidwes-Afrika (Namibië) in Pretoria.<sup>58</sup>

Tydens meer formele geleenthede het mev Botha daarvan gehou dat Libertas se silwerware gebruik word. Sy sou ook versoek dat daar vir elke dame 'n skouerruikertjie moes wees wat sy persoonlik, saam met 'n kort gesprekkie, vir elke vrou aangesteek het.<sup>59</sup>

<sup>57</sup> J. Reinders-lêers: Koerantknipsels, spyskaarte en amptelike programme.

<sup>58</sup> I. Wessels, Mev. Elize Botha bewaak die tuisfront, *Sarie* 13, 1978-12-03, p. 25.

<sup>59</sup> Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

## 5. *Uittrede van Botha*

In Januarie 1989 het Botha in Westbrooke 'n beroerte-aanval gehad (fig. 99), maar nie uit die politiek getree nie. Daar was druk op hom om te bedank, maar hy het geweier. Hy het gewys dat hy nog baie politieke durf in hom gehad het deur op 5 Julie 1989 'n ontmoeting by Tuynhuis met die politieke gevangene Nelson Mandela te hê. Die ontmoeting is beskou as 'n deurbraak in die onderhandelinge op die pad na 'n demokratiese Suid-Afrika. Op 6 Mei 1990 het Botha amptelik bedank en FW de Klerk het die leisels van die land by hom oorgeneem. Botha en sy vrou het hulle na Wilderness naby George in die Kaap teruggetrek waar hy steeds in die kalklig was.<sup>60</sup>



**Figuur 99:** Botha na sy beroerte-aanval.

Hy word vir mediese versorging weggeneem.

Uit: A. Ries en E. Dommissie, *Leierstryd, dramas rondom die uittrede van pres. PW Botha*, (Kaapstad 1990), p. 2.

Die Bothas se woning in die Wilderness, Die Anker, was altyd hulle toevlugsoord. Hulle het hulle jaarlikse somervakansie saam met hulle gesin daar deurgebring en Botha het gewoonlik sy

<sup>60</sup>

P.K. Byers, (ed.), *Encyclopedia of World Biography*, p. 348.

verjaarsdag daar gevier. Dit is ook hierheen dat Botha gegaan het om na sy beroerte-aanval aan te sterk. Hy het nadat hy beter was, gereeld sy kantoor in Kaapstad besoek, maar daarna weer na Die Anker teruggekeer.<sup>61</sup> Die Bothas het ook elke Paasnaweek by Die Anker deurgebring (fig.100).<sup>62</sup>



**Figuur 100:** Die Anker, die Bothas se woning by Wilderness.

Foto: J. Reinders, (s.a).

Die Bothas se betrokkenheid by die Kaapse dorp George het tot dié dorp se vooruitgang gelei. Botha het gesê dat dit groot vreugde aan hom verskaf het om te sien hoe die lewensomstandighede van die plantasiewerkers verbeter het en dat 'n revolusie in die landbou in die distrikte George en Knysna plaasgevind het. Hy het dit nie eiehandig tot stand gebring nie, maar het 'n aandeel daarin gehad om te sien hoe armoede wyk.<sup>63</sup> Botha en sy vrou het bepaal dat hulle op George begrawe wil word.<sup>64</sup>

<sup>61</sup> A. Ries & E. Dommissie, *Leierstryd*, pp. 77, 154, 157.

<sup>62</sup> Mondelinge mededeling: J. Reinders, voormalige Kontroleur van die Eerste Minister en later die President se Huishouding, 1980-1989, tans Hoof van Protokol en Seremoniële Dienste, Kantoor van die Presidensie, Uniegebou, Pretoria, 1999-11-24.

<sup>63</sup> A. Ries & E. Dommissie, *Leierstryd*, p. 48.

<sup>64</sup> D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, p. 46.

Die Bothas het waarskynlik nie moeilik van Libertas afskeid geneem nie. Dit was duidelik dat mev Botha haar min in Libertas bevind het en slegs vir amptelike geleenthede<sup>65</sup> na Pretoria gegaan het. As sodanig het sy nie so 'n groot invloed op Libertas gehad soos ander Premiersvroue wat meer tyd daar deurgebring het nie. Botha self het ook 'n groter voorliefde vir die Kaap gehad en het hom net vir werksdoeleindes in Pretoria bevind. Derhalwe is slegs die allernoodsaaklikste aandag aan die ampswoning gegee. Gelukkig sou Libertas onder die volgende Presidentsvrou, Marike de Klerk, baie meer aandag en sorg ontvang.

---

<sup>65</sup> M. Maartens, *Marike*, pp. 139-140.

**HOOFSTUK XI****LIBERTAS WORD TOT NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID  
VERKLAAR IN DIE TYD VAN DIE DE KLERKS, 1989-1994****A FW DE KLERK EN SY GESIN**

"It is just a change of initials from PW to FW" was aartsbiskop Desmond Tutu se mening oor FW de Klerk se opvolging van PW Botha. 'n Ander kenner het De Klerk beskryf as: "strongly loyal to National Party interests and a cautious, not bold mover." Nog 'n mening oor De Klerk was dat hy 'n man is wie se hemp en pak nooit gekreukel was nie. Dit het daarop gedui dat hy 'n perfeksionis is. Hy is die sagsprekende diplomaat, baie bewus van sy beeld en 'n beter luisteraar as spreker. Hy het gelyk asof hy nooit luidrugtig en aggresief word nie, maar te alle tye toeganklik was; 'n vaderlike leier.<sup>1</sup> Vir diegene wat sodanige standpunte gehuldig het, moes sy opspraakwekkende toespraak van 2 Februarie 1990 in die Parlement 'n groot verrassing gewees het. Daardie dag het hy die vrylating van Nelson Mandela en die wettiging van politieke partye soos die African National Congress (ANC) en die Pan Africanist Congress (PAC) aangekondig.<sup>2</sup>

Frederik Willem de Klerk is op 18 Maart 1936 in Johannesburg gebore. Hy was dalk bestem vir die politiek in ag geneem dat sy oom eerste minister JG Strijdom was.<sup>3</sup> Sy vader was senator Jan de Klerk wat in Strijdom se Kabinet gedien het. De Klerk het baie vroeg reeds sy vader met werwingswerk vir die Nasionale Party gehelp en strooibiljette versprei.<sup>4</sup> Hy was op 'n jeugdige ouderdom reeds lid van die Nasionale Jeugbond, jeugafdeling van die Nasionale Party.<sup>5</sup> Hy het aan die Universiteit van Potchefstroom gestudeer en daarna as prokureur in Vereeniging gepraktiseer.<sup>6</sup>

As jong prokureur kon De Klerk en sy eggenote bekostig om te trek uit die woonstel waarin hulle gebly het. Hulle het vir hulle 'n woning op 'n akker grond aan die oewer van die Vaalrivier laat bou. Nadat hy in 1972 Parlements lid vir Vereeniging geword het, het hulle besef dat sy

---

<sup>1</sup> M. Maartens, *Marike*, pp.134-135.

<sup>2</sup> P.K. Byers, *Encyclopedia of World Biography*, p. 466.

<sup>3</sup> P.K. Byers, *Encyclopedia of World Biography*, p. 466.

<sup>4</sup> A. Ries & E. Dommissie, *Leierstryd*, p.103.

<sup>5</sup> C. Saunders & N. Southey, *A dictionary of South African history*, p. 54.

<sup>6</sup> P.K. Byers, *Encyclopedia of World Biography*, pp. 466-467.

inkomste nie genoeg was om hulle groot woning in stand te hou nie en moes hulle na 'n meer beskeie woning in dieselfde buurt trek en hulle droomhuis verkoop.<sup>7</sup>

Met De Klerk se verkiesing tot Parlements lid het die De Klerks in die parlementêre woonbuurt Akasiapark in die Kaap gaan woon. Mevrou De Klerk het gehou van die eenvoudige leefwyse in die klein huisies met die goedkoop meublement sonder ruimte vir versierings, blomme en ornamente. Hier kon sy selfs kaalvoet in die straat loop.<sup>8</sup>

In 1978 het De Klerk Minister in Vorster se Kabinet geword. Hy het verskeie Kabinetsposte in daaropvolgende jare beklee soos Pos- en Telekommunikasie, Binnelandse Sake en Nasionale Opvoeding. In 1982 het hy leier van die Transvaalse Nasionale Party geword.<sup>9</sup>

As Minister in die Kabinet van Vorster het Bryntirion 10 die De Klerks se woning geword. Die ou woning met die breë vensterbanke, groot vertrekke en houtvloere was 'n groot verandering na die woning in Akasiapark. Hulle was daarna in Olivierstraat 300, Pretoria, woonagtig toe De Klerk tot President verkies is. Hulle het daar uitgetrek en in Libertas gaan woon.<sup>10</sup>

In Januarie 1989 het De Klerk vir Botha as President van die Republiek van Suid-Afrika opgevolg en in 1990 het hy die aanvanklik veelgeroemde stappe gedoen vir 'n demokraties verkose meerderheidsregering in Suid-Afrika. Na die aankondiging van die hervormingstappe het De Klerk en Mandela op 7 Mei 1990 hulle eerste ontmoeting gehad. Beide leiers het die ontmoeting as vrugbaar beskryf. In 1993 het die twee leiers die Nobelprys vir Vrede gedeel,<sup>11</sup> wat beteken dat Libertas deur twee opeenvolgende Nobelprysweners bewoon is.

Aan PW Botha het De Klerk nie veel erg gehad nie, omdat hy nie deel van sy binnekring was nie en omdat hy nie altyd met Botha se bestuurstyl saamgestem het nie.<sup>12</sup> De Klerk se eie leierstyl as President was een van toeganklikheid en ontspanning. Dié leierskap het die klimaat vir 'n

---

<sup>7</sup> F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 153.

<sup>8</sup> M. Maartens, *Marike*, pp. 76-77.

<sup>9</sup> P.K. Byers, *Encyclopedia of World Biography*, pp. 466-467; P. Joyce, *A concise dictionary of South African biography*, pp. 66-67.

<sup>10</sup> M. Maartens, *Marike*, p. 77.

<sup>11</sup> P.K. Byers, *Encyclopedia of World Biography*, pp. 466-468.

<sup>12</sup> L. de Lange, De Klerk nie spty oor enige van sy besluite nie, *Beeld*, 1999-01-20, p. 3.

onderhandelde skikking geskep, binnelandse spanning verlig en die land se aansien in die buiteland verhoog.<sup>13</sup>

In 1994 het die Nasionale Party die verkiesing verloor en het De Klerk die amp van Vice-president in die regering van nasionale eenheid beklee. Libertas was nou vir die eerste keer, al was dit vir slegs 'n kort tyd, die amptelike woning van een van die Vice-presidente van die land. Nadat die grondwet goedgekeur is, het hy in 1996 uit die regering van nasionale eenheid bedank. Die Nasionale Party het die amptelike opposisie geword.<sup>14</sup> In 1997 het De Klerk die politieke toneel verlaat met die verklaring dat hy glo dat dit in die beste belang van sy land en sy party was.<sup>15</sup> Hy het nie uit die politiek getree as gevolg van sy verhouding met Elita Georgiadis nie, maar het in ag geneem dat dié verhouding sou ontwikkel en daarom het hy persoonlike redes ook as 'n rede vir sy bedanking aangevoer.<sup>16</sup>

De Klerk het sy eerste eggenote, Marike, aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys ontmoet. Marike Willemsse is op 29 Maart 1937 in Pretoria gebore. Na haar vader se dood in 1945 is haar moeder met 'n boer van Standerton getroud en het Marike Willemsse daar skoolgegaan, maar later op Potchefstroom gematrikuleer.<sup>17</sup> Sy was 'n B.Com.-student wat as die beste vrouestudent in haar finale jaar aangewys is. Haar uitstekende akademiese prestasies het De Klerk ook aangevuur om harder aan sy studies te werk. Volgens hom kon hy nie toelaat dat sy meisie hom op akademiese gebied uitstof nie. Die gevolg was dat hy sy LL.B-graad *cum laude* verwerf het. Hulle is op 11 April 1959 getroud en drie kinders Jan, Willem en Susan is deur hulle aangeneem (fig.101).<sup>18</sup>

<sup>13</sup> A. Ries & E. Dommissie, *Leierstryd*, p. 101.

<sup>14</sup> C. Saunders & N. Southey, *A dictionary of South African history*, p. 55.

<sup>15</sup> P.K. Byers, *Encyclopedia of World Biography*, p. 468.

<sup>16</sup> F.W. de Klerk, *Die laaste trek – n nuwe begin*, p. 386.

<sup>17</sup> A. Ries & E. Dommissie, *Leierstryd*, p. 108.

<sup>18</sup> F.W. de Klerk, *Die laaste trek – n nuwe begin*, pp. 52, 56.



**Figuur 101:** Die De Klerk-gesin

Uit: A. Ries en E. Dommissie, *Leierstryd. Die dramas rondom die uittrede van pres. P.W. Botha* (Kaapstad, 1990), p.3.

Vriende van Marike de Klerk vertel dat sy maar 'n valerige vrou tjie was wat trui e gebrei, gelees en 'n toegewyde ma vir haar kinders was. De Klerk het haar by die politiek en sosiale lewe betrek. Sy het later geword wat sy 'n beroepseggenote genoem het. Sy was sy "arm" - aanvullend tot haar man.<sup>19</sup> Sy het alles saam met haar man probeer doen, want anders sou hulle, volgens haar, mettertyd in twee afsonderlike wêrelde geleef het. Haar man het dit waardeer dat sy hom ondersteun en haar bydrae gelewer het. Hulle het deur die jare gewone mense gebly. De Klerk het daarvan gehou om met sy eie motor na Warmbad in die Noordelike Provinsie te ry om by hulle kinders te gaan kuier.<sup>20</sup>

Volgens De Klerk was die band tussen hom en sy vrou baie heg. Sy het die spanning 'n bietjie van hom afgekeer. Hy het haar sy "kierie" genoem. Hy het haar lojaliteit, krag en intelligensie as kenmerke uitgesonder. Sy was steeds 'n individu wat op haar eie voete kon staan en was nie heeltemal van hom afhanklik nie.<sup>21</sup> Met sy verkiesing tot leier van die Nasionale Party was sy eerste gedagte om dit met sy vrou te deel. Sy het die oggend gaan inkopies doen en hy het sy kantoorpersoneel opdrag gegee om haar met haar terugkeer in sy kantoor te hou, totdat hy haar kon sien. Daar het hy haar emosioneel vertel wat gebeur het. So het hy ook na sy belangrike

<sup>19</sup> M. Meiring, Marietjie, Marike, Meraai, *De Kat*, 9 (2) Augustus 1994, pp. 42-43.

<sup>20</sup> E. Louw, Vaarwel aan die lewe van eerste vrou, *Huisgenoot*, 1994-09-29, pp. 21-22.

<sup>21</sup> E. Rossouw & J. Jordaan, Agter die voordeur by FW en Marike, *Rooi Rose*, 1994-12-28, pp.14-15, 85.



toespraak in Februarie 1990 vir haar gevra of sy met dit alles sou kon saamleef. Haar antwoord was ‘n stralende: “Natuurlik”.<sup>22</sup>

Haar lewe as ‘n politikus se vrou het baie veranderinge gebring. Sy het in verskeie huise gewoon en nooit die blomme sien blom nie wat sy geplant het. Sy was voortdurend besig om tasse te pak: kinders wat terug kosskool toe gaan, De Klerk wat iewers heen vlieg en sy self wat baie gereis het. Baie take het sy alleen uitgevoer, want haar man het nie tyd daarvoor gehad nie.<sup>23</sup> Susan de Klerk, dogter van die De Klerks, het hulle gedurige getrek verwoord toe sy haar ouers opgewonde gevra het of die nuwe skilderye wat hulle gekoop het saam met hulle sal gaan na al die nuwe huise wat hulle nog gaan bewoon.<sup>24</sup>

Mevrou De Klerk het die hoop uitgespreek dat hulle eendag as ouma en oupa nog hulle dae saam kon slyt en dat sy weer vir hulle etes kon kook soos lank gelede. Dan sou hulle rustige etes kon geniet sonder dat iets hulle jaag.<sup>25</sup>

Hulle vakansiewoning by Hermanus was die plek waarna hulle as die geheime plek verwys het. Volgens mev De Klerk kon haar man daar ontspan en weer glimlag soos voor hulle troue en kon hulle lewens weer normaal wees. Hulle het tyd gehad om met hulle kinders deur te bring en hulle weer te leer ken.<sup>26</sup> Die woning lê aan ‘n rotsagtige baai, tussen die oseaan en ‘n bergreeks wat met inheemse plante oortrek is. Hulle het dit geniet om hier saam met vriende en familie te ontspan. Hulle het gholf gespeel, in die borrelbad ontspan, lang ente op die strand gaan stap en vleis gebraai.<sup>27</sup>

Die presidensiële vakansiehuis, 220 kilometer oos van Kaapstad, is Lekkerwater genoem. Die woning was heeltemal afgesonder en kon net per vierwielaangedrewe voertuig of helikopter bereik word. Die weer was gewoonlik onstuimig en branders het woes teen die rotsagtige kuslyn

---

22 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – ‘n nuwe begin*, pp. 153, 183.

23 M. Maartens, *Marike*, pp. 100, 103, 195-196.

24 M. Maartens, *Marike*, pp 77, 144.

25 M. Möller, 'n Tuiste vir FW en sy Mieke, *Sarie*, 1992-01-08, p. 16.

26 M. Maartens, *Marike*, pp. 100, 103, 195-196.

27 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – ‘n nuwe begin*, p. 179.

gebreek.<sup>28</sup> Die woning is in die De Hoop-natuurreservaat. Hier het De Klerk in 1993 gehoor dat hy en Nelson Mandela die Nobelprys vir Vrede gewen het.<sup>29</sup>

Volgens De Klerk was hulle lewens soos uitgebeeld in die rolprent *The American President*. Hulle kon nie iewers heen gaan sonder hulle veiligheidspersoneel nie en kon nie gaan flik nie, sonder dat die veiligheidspersoneel eers drie rye sitplekke moes leegmaak. Hulle kon nie 'n pakkie sigarette by die hoekkafée gaan koop of 'n winkelsentrum besoek sonder dat dit in 'n hele gebeurtenis ontaard het nie. Mense in die De Klerks se gunstelingrestaurant sou handtekeninge vra of raad uitdeel oor hoe die land bestuur moes word. Hy is selfs nie toegelaat om sy eie motor te bestuur nie. Die dag toe hy 'n nuwe Mercedes Benz ontvang het, het hy 'n pet laag oor sy oë getrek en tot groot ontsteltenis van sy veiligheidspersoneel 'n entjie alleen gaan ry. Dit was vir hom 'n heerlike ervaring.<sup>30</sup>

De Klerk was gemoedelik en vriendelik maar het nie van foto-sessies gehou nie. Hy speel graag gholf en lees die werke van Wilbur Smith en Robert Ludlum asook politieke essays. Dit het hom gehelp om, in sy eie woorde, "die kop so 'n bietjie uit die skrum te trek en te kyk wat aangaan". Hy kom nie sommer tot rus as die son sak nie, want hy is 'n nagmens. Hy kon die kere wat hy voor halftwaalf gaan slaap het, op sy een hand aftel. Hy is in die oggend nie op sy beste nie en aanvaar dus nie maklik uitnodigings na 'n sake-ontbyt nie. Hy is lief vir jag en daar was dus gereeld wildsvleis in Libertas.<sup>31</sup>

In 1998 het sy jarelange buite-egtelike verhouding met 'n getroude Griekse vrou, Elita Georgiadis (fig.102), bekend geword, waarna hy besluit het op 'n egskeiding van sy vrou.<sup>32</sup> Die De Klerks en die Georgiadis-egpaar was vir jare goeie vriende.<sup>33</sup>

Nadat mnr. Georgiadis van die verhouding bewus geword het, het De Klerk en Elita Georgiadis besluit om beide aan hulle huwelike te werk. Vir twee jaar het De Klerk en Elita Georgiadis

<sup>28</sup> F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 311-312.

<sup>29</sup> M. Maartens, *Marike*, pp. 100, 103, 195-196.

<sup>30</sup> F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 312.

<sup>31</sup> E. Rossouw & J. Jordaan, Agter die voordeur by FW en Marike, *Rooi Rose*, 1994-12-28, pp.14-15, 85.

<sup>32</sup> C. Saunders & N. Southey, *A dictionary of South African history*, p. 55.

<sup>33</sup> Anon, Elita lief vir FW, maar onseker oor skeiding, *Rapport*, 1998-02-01, p. 5.

mekaar nie gesien nie en toe besluit dat hulle hulle onderskeie huwelike sou beëindig. Hy het Marike de Klerk na talle gesprekke verlaat.<sup>34</sup>

Dit is bekend dat Marike de Klerk die huwelik nie wou beëindig nie, maar dat De Klerk met die egskeiding wou voortgaan. Hy het dit jammer gevind dat sy gekritiseer is, want sy het hom te alle tye op 'n uitnemende wyse bygestaan.<sup>35</sup> Hy het ten volle verantwoordelikheid vir die mislukking van hulle huwelik aanvaar en dit gestel dat hulle vir baie jare 'n goeie huwelik gehad het. Hy het haar baie liefgehad en het steeds die hoogste agting vir haar. Sy was 'n baie goeie moeder en lojale en ondersteunende eggenote.<sup>36</sup>

In November 1998 - 'n week nadat sy egskeiding van Marike de Klerk afgehandel was - is De Klerk met Elita Georgiades getroud.<sup>37</sup> Marike de Klerk se mening was dat dit nie moeilik was om die nuwe opwinding in die lewe van 'n weerlose, oorwerkte, miskende middeljarige man te word nie.<sup>38</sup>



**Figuur 102:** Marike de Klerk en Elita Georgiades.

Uit: *Beeld*, 1999-01-20, p.3.

<sup>34</sup> E. Tempelhoff, FW het beloof om boek te bring – Marike, *Beeld*, 1999-01-18, p.1.

<sup>35</sup> W. Pretorius, Elita se Tony vry glo na 'n Kaapse vrou, *Beeld*, 1998-02-16, p.1.

<sup>36</sup> E. Tempelhoff, FW het beloof om boek te bring – Marike, *Beeld*, 1999-01-18, p.1.

<sup>37</sup> Korrespondent, FW Elita mis ontbyt na huweliksnag, sy straal voor vertrek, *Beeld*, 1998-11-09, p. 1.

<sup>38</sup> M. Maartens, *Marike*, p. 212.

## B DIE DE KLERKS IN LIBERTAS

Die De Klerks het kort na sy aanwysing as President in Libertas ingetrek en sy verkiesing daardie aand met 'n familie-ete gevier.<sup>39</sup> Libertas was bekend aan Marike en FW de Klerk van voor sy dae in die politiek, as gevolg van besoeke aan Strijdom.

Met De Klerk se verkiesing tot President het Rena Roux, die toenmalige direkteur-generaal van die Kantoor van die Staatspresident, dr Jannie Roux, se eggenote, mev De Klerk so met haar inwoning in Libertas gelukgewens: "Ek is jammer dat jy in daardie ou kasarm moet gaan bly, want sy dak lek en hy lyk maar treurig van binne." In die woorde van een van die huishoudingpersoneel was dit "hierdie plat dak wat die probleme veroorsaak. Die muurpapier sal bly loskom solank as die water hier tussen die dubbelmure inloop."<sup>40</sup> Die kombuis, kantoor, musiekkamer en amptelike studeerkamer se dakke het nog steeds geleek omdat die tweede verdieping nooit gebou is nie.

Volgens mev De Klerk het die hol klanke, kilheid, afwesigheid van 'n vroulike hand en die togetrekte gordyne met haar aankoms in Libertas duidelik verklap dat mev Botha net tydens amptelike geleenthede na Libertas gekom het. Libertas was, in mev De Klerk se woorde, aanvanklik nie 'n "leefhuis, 'n tuiskomplek nie" en haar eerste begeerte was om van al die kantgordyne ontslae te raak en die uitsig weer deel van die ampswoning te maak.<sup>41</sup>

Sy het die gordyne oopgetrek en die soliede kaaftensterrame en kunswerke bewonder. Die skoonmakers het opdrag gekry om die houtrame en hortjies met meubelolie te voed. Die hortjies moes voortaan oopstaan. Die swak gestoffeerde meubels en die klam mure kon nie haar vreugde in die kunswerke, hout en uitsig demp nie. Die formele eetkamer het sedert sy die eerste keer by Libertas besoek afgelê het, haar asem weggeslaan.<sup>42</sup>

---

<sup>39</sup> F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 168.

<sup>40</sup> M. Maartens, *Marike*, pp. 137, 140.

<sup>41</sup> M. Maartens, *Marike*, pp. 139-140.

<sup>42</sup> M. Maartens, *Marike*, pp. 92, 140.

Sy het nooit haar vreugde in Libertas verloor nie. Vir haar was Libertas se amptelike onthaalkamers baie mooi, maar groot en onpersoonlik. Die Suid-Afrikaanse kunswerke van Pierneef en Van Wouw het aan die ampswoning atmosfeer gegee.<sup>43</sup> Sy het van Libertas gepraat as 'n lieflike ampswoning,<sup>44</sup> 'n swierige plek, maar ook 'n tuiste. 'n Plek waar jy jou skoene kon uittrek en in 'n stoel kon neersak. Vir haar was dit belangrik om dit tuis vir haar man gesellig te maak, al is sy probleme ook hoe groot. By die ampswoning moes hulle saam lag, raas, kuier, mekaar bemoedig en godsdiens beoefen.<sup>45</sup>

Vir mev De Klerk was dit belangrik dat haar kinders, wat so baie van woning verwissel het, in die huise tuis moes voel. Hulle moes nooit later in hulle lewe twyfel oor hulle antwoord op die vraag watter van die baie plekke wat hulle bewoon het, hulle as hulle ouerhuis beskou het nie.<sup>46</sup>

Mevrou de Klerk het die sitkamer regoor die amptelike studeerkamer van die Premier in haar studeerkamer omgeskep. Dit is met 'n televisiestel en gemakstoele ingerig. In die vertrek het sy baie tyd deurgebring en gekuier. Die informele eetkamer met die mooi suidelike uitsig oor die tuine is ook graag deur die gesin gebruik om hulle etes te geniet. De Klerk het egter baie min ontspanne oomblikke gehad en baie ure - veral snags - in sy studeerkamer deurgebring.<sup>47</sup> Sy het hom dikwels geselskap gehou.<sup>48</sup>

Met hulle intrek in Libertas het sy en 'n vriendin die De Klerks se persoonlike besittings uit hulle vorige verblyfplek na Libertas verskuif. Daar het die huishoudingpersoneel alles vir hulle uitgepak. Die personeel het foto's na hulle goedgeske opgehang en die boeke uitgepak. Die gevolg was dat sy tot op die dag toe hulle uit Libertas getrek het, na goed gesoek het. Terwyl haar man dus in die internasionale arena oplossings gesoek het, het mev De Klerk in Libertas na foto's, FW se sokkies, kamme en rekverbande gesoek.<sup>49</sup>

---

43 Skriftelike mededeling: M. de Klerk, Posbus 1692, Groenkloof, 0027, 1997-03-03.

44 M. Möller, 'n Tuiste vir FW en sy Mieke, *Sarie*, 1992-01-08, p. 15.

45 M. Möller, 'n Tuiste vir FW en sy Mieke, *Sarie*, 1992-01-08, p. 16.

46 M. Maartens, *Marike*, p. 77.

47 Skriftelike mededeling: M. de Klerk, Posbus 1692, Groenkloof, 0027, 1997-03-03.

48 E. Louw, Vaarwel aan die lewe van eerste vrou, *Die Huisgenoot*, 1994-09-29, p. 22.

49 M. Maartens, *Marike*, p. 152.

### 1. *Libertas word tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar*

Libertas is op 4 Junie 1993 deur die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (RNG) tot gedenkwaardigheid verklaar. Die binne- en buitekant van die gebou is tot deel van die land se erfenis van beskermde geboue verklaar. In daardie stadium het die RNG ook die moontlikheid ondersoek om die meubels en skilderye in die woning tot kultuurskat te verklaar.<sup>50</sup> Indien die staat later enige veranderinge aan die ampswoning wou aanbring, sou die RNG eers toestemming daarvoor moes gee.

Die RNG het Libertas in 1999 beskryf as gebou in die styl van die Hollandse klassisisme wat sy oorsprong by Nederlandse argitekte soos Philip Vingboom gehad het. Vingboom en sy kollegas het onder die invloed van die Italiaanse styl omstreeks 1650 talle soortgelyke geboue in Nederland opgerig. Die sterk plat lyne van die bouwerk, die plat dak en afwesigheid van oormatige versierings is kenmerke van die Hollandse klassisisme. Verder het Moerdyk kenmerke van die 18de-eeuse Kaapse argitektuur soos vensterrame met hulle klein hortjies, luike aan die vensters op die grondvlak, smal lysies bokant vensteropeninge, swaar houtdeure met koperbeslag daarop en klein balkonne by die ontwerp van die gebou geïnkorporeer.<sup>51</sup>

Op 5 Mei 1994 is die gedenkplaat by Libertas deur mev De Klerk onthul waarvolgens Libertas tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is. Op dieselfde dag is 'n gedenkplaat by die Uniegebou onthul om Meintjeskop tot 'n natuur-erfenisgebied te verklaar.<sup>52</sup>

*Beeld* spreek in dié tyd sy bedenkinge uit of die posisie van gedenkwaardighede in die nuwe bedeling gehandhaaf sou word.<sup>53</sup> Marike de Klerk het ook haar vrese uitgespreek of beskaafde norme nog in die toekoms in Libertas gehandhaaf sou word. Joernaliste het haar toe gevra of sy gedink het dat die volgende inwoners nie beskaafd sou wees nie!<sup>54</sup>

<sup>50</sup> R. Rademeyer, Staatspresident se ampswoning in Pta word gedenkwaardigheid, *Beeld*, 1993-06-02, p. 3.

<sup>51</sup> Skriftelike mededeling: F. Erasmus, Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Johannesburg, 1999-04-13.

<sup>52</sup> Lêer van Department van Openbare Werke, Pretoria: Libertas, Program van verrigtinge van onthulling van gedenkplate by die Uniegebou en Libertas, 1994-05-05.

<sup>53</sup> Redaksioneel, Libertas, *Beeld*, 1993-06-02, p. 6.

<sup>54</sup> M. Meiring, Marietjie, Marike, Meraai, *De Kat*, 9:2 1994 Augustus, p. 41.

## 2. *Inrigting*

Met die oog op die ope dag wat die De Klerks in 1994 by Libertas gehad het, is 'n brosjure oor die woning saamgestel en uitgegee. Dit is 'n waardevolle bron van inligting oor hoe die woning in daardie jare gelyk het en die omvattendste bron van inligting oor die woning tot op hede. Marike de Klerk het baie tot die sukses van die navorsing oor die ampswoning bygedra.

'n Inligtingspamflet wat deur Interplan Argitekte vir die ope dag saamgestel is, het die waarde van die 2 200 m<sup>2</sup> Libertas op R9 000 000 geraam en bereken dat die prys oor tien jaar sou verdubbel.<sup>55</sup>

Enkele veranderinge is in die tyd van die De Klerks aan Libertas aangebring. Gedurende die tyd waartydens aan die woning gewerk is, het die De Klerks in die presidensiële gastehuis, voorheen die Presidensie, gewoon. Die presidensiële gastehuis was nie 'n gerieflike woning om in te woon nie, want dit was te groot<sup>56</sup> maar hulle verblyf daar het dit moontlik gemaak om aan Libertas te werk. Dit was 'n probleem wat vorige inwoners gekortwiek het wanneer aan die woning gewerk is.

Mevrou De Klerk het nie die hoofslaapkamersuite van Libertas laat herversier nie. Sy was bereid om dit te laat soos mev Botha dit versier het. Sy het dit beskryf as: "'n oorfloed van drapeersels, kant en brokaat." Daar het 'n kolos van 'n bed gestaan en mev De Klerk het gemeen dat as haar kinders jonger was, die enorme binneveermatras vir hulle 'n groot versoeking sou gewees het.<sup>57</sup>

Die hoofslaapkamersuite is wel in 1990 verander om twee badkamers te hê. Een van Moerdyk se oorspronklike noordelike stoepe op die tweede verdieping is toegebou as 'n badkamer vir De Klerk. Mevrouw De Klerk se badkamer is verander om 'n stort in te sluit. Die oorspronklike badkamerstel is behou en net herrangskik en so is die styl van die badkamer behou.<sup>58</sup> 'n


<sup>55</sup> Skriftelike mededeling: H. Botha, Interplan Argitekte, Embankmentweg 1262, Verwoerdburgstad, 7441, 1996-12-13.

<sup>56</sup> Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

<sup>57</sup> M. Maartens, *Marike*, p. 139.

<sup>58</sup> Mondelinge mededeling: S. Boonzaaijer, Arcadiastraat 976, Arcadia, Pretoria, 0083, 1998-04-09.

Aangrensende slaapkamer aan die westekant is in 'n aantrekkamer vir mev De Klerk verander (fig. 103).<sup>59</sup>



**Figuur 103:** Veranderinge wat deur die De Klerks aangebring is.


Die nuwe aantrekkamer en badkamers vir die hoofslaapkamer, die TV-kamer ("lounge") reg langs die hoofslaapkamer en die oordekte oostelike balkon vir braaivleis.

Uit: Oorgeneem en aangepas van planne van die Departement van Openbare Werke.

<sup>59</sup>

Departement van Openbare van Werke: Planne Libertas, tekening 22490/5 April, 1990.





**Figuur 104:** Die oorspronklike Moerdyk-planne vir die eerste verdieping.

Die portiek by die hoofslaapkamer ("sleeping porch") en 'n portaal ("lobby") is verander in die nuwe aantrekkamer

Uit: Oorgeneem en aangepas van planne van die Departement van Openbare Werke.

Die slaapkamer aan die noordwestelike punt van die verdieping, wat die Bothas as eetkamer gebruik het, kon weer as 'n slaapkamer gebruik word nadat 'n slaapkamer langs die hoofsuite ingerig is om as 'n eetkamer, TV-kamer en sitkamer vir die gesin te dien. Kombuistoebehore, soos 'n wasbak en mikrogolfoond is agter houtdeure in die leefvertrek van die suite versteek.<sup>60</sup> Hier kon die kleinkinders maar na hartelus omkrap<sup>61</sup> en het die De Klerk-egpaar "nessie kon skop." Die woning was gevul met foto's van die eerste kleinseun, FW. Daar het ook altyd speelgoed vir hom reggestaan.<sup>62</sup> Die kinders kon nooit gou genoeg in "Die Nes", soos dié


<sup>60</sup> Mondelinge mededeling: S. Boonzaier, Arcadiastraat 976, Arcadia, Pretoria, 0083, 1998-04-09.

<sup>61</sup> Skriftelike mededeling: M. de Klerk, Posbus 1692, Groenkloof, 0027, 1997-03-03.

<sup>62</sup> M. Möller, 'n Tuiste vir FW en sy Mieke, *Sarie* 1992-01-08, p. 16.

gedeelte genoem is, in vlug nie. Die groot ampswoning met sy massiewe onthaalvertreke het hulle soos kuikens na hoekies en klein ruimtes laat vlug.<sup>63</sup>

Die dameskleedkamer, wat 'n ingang uit die voorportaal gehad het, is in die tyd van die De Klerks vergroot. Dit het nie meer aan die vereistes voldoen nie. Dit kon groter gemaak word deur die jaskamer langs die vertrek deel van die kleedkamer te maak (fig.105). Die oorspronklike wasbakke is weer gebruik en die resultaat was 'n baie vroulike vertrek (fig.106).<sup>64</sup>




**Figuur 105:** Die vergrote damesgastekleedkamer in die voorportaal.

Uit: Oorgeneem en aangepas van planne van die Departement van Openbare Werke.

<sup>63</sup> M. Maartens, *Marike*, p. 193.

<sup>64</sup> Mondelinge mededeling: S. Boonzaaier, Arcadiastraat 976, Arcadia, Pretoria, 0083, 1998-04-09.



**Figuur 106:** Die nuwe damesgastekleedkamer.

Uit: R. Simpson, *Libertas*, (s.a.), n.p.

Die De Klerks het baie van braaivleis gehou en op die dak van die oostelike vleuel van *Libertas* is daar 'n braaiplek met 'n wye uitsig op die stad gebou (fig.107).<sup>65</sup> Die kombuis is ook opgegradeer om aan al die moderne vereistes van 'n staatshoof se woning te voldoen. Met die verbeterings van die woning in 1999-2000 was dit nie nodig om veel aandag aan die kombuis self te gee nie. Die onbevestigde bedrag wat genoem is om die kombuis te verbeter, was R800 000. Die kombuis was uiteindelik 'n produk wat die huishoudingpersoneel as die ideale kombuis beskryf het.<sup>66</sup>

<sup>65</sup> M. Möller, 'n Tuiste vir FW en sy Mieke, *Sarie*, 1992-01-08, p. 16.

<sup>66</sup> Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, *Libertas*, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.



**Figuur 107:** Die braaiplek op die oostelike vleuel se dak.

Foto: X. Barnard, 1999.

Tydens die De Klerks se bewoning van Libertas is van die slaapkamers herversier. Dit is gedoen omdat die versiering in die Botha-era onsuksesvol was. Twee van die slaapkamers wat noord front, is deur die binnenshuisversierders oorgedoen, maar drie ander wat suid front, is onveranderd gelaat (fig.108). Slegs die opvallendste foute daarin is reggestel.<sup>67</sup>



**Figuur 108:** Van die slaapkamers wat gelaat is soos dit in die Bothas se tyd was.

Foto: X. Barnard, (1999).

<sup>67</sup>

Mondelinge mededeling: S. Boonzaier, Arcadiastraat 976, Arcadia, Pretoria, 0083, 1998-04-09.

Een van die slaapkamers wat opgeknop is, was die weelderige groen kamer. Dit is die kamer waarin die Georgiadis-egpaar geslaap het wanneer hulle die De Klerks in Libertas besoek het (fig.109).<sup>68</sup>



**Figuur 109:** 'n Slaapkamer wat herversier is. Dit is die slaapkamer waarin die Georgiadis-egpaar gewoonlik oornag het.

Uit: R. Simpson, *Libertas*, (s.a), n.p.

Die studeerkamer van die President en die sitkamer wat mev De Klerk as studeerkamer gebruik het, is met nuwe gordyne en oortreksels oorgedoen (fig.109). Die Pierneefvertrek se mure is 'n ligte mentgroen - wat baie goed saam met die skilderye deur Pierneef gegaan het - gelaat soos wat dit in die Bothas se tyd geverf is, maar die kleure van die skilderye is in die materiaal van die nuwe oortreksels herhaal. *Petit point*-materiaal wat vantevore vir kantoorstoele gebruik is, is afgehaal en op ander stoele gebruik. Vier nuwe sitkamerbanke is ook vir die vertrek aangekoop en ou meubels is gerestoureer.<sup>69</sup>

<sup>68</sup> Anon, Elita lief vir FW, maar onseker oor skeiding, *Rapport*, 1998-02-01, p. 5.

<sup>69</sup> Mondelinge mededeling: S. Boonzaier, Arcadiastraat 976, Arcadia, Pretoria, 0083, 1998-04-09.




**Figuur 110:** Mevrou De Klerk se sitkamer regoor die President se kantoor.

Uit: R. Simpson, *Libertas*, (s.a), n.p.

Vir die kiaatkamer is nuwe gordyne gemaak en die meubels, banke en ottomans is nuut oorgetrek (fig.112). In die hele ampswoning, behalwe die eetkamer en die Pierneefvertrek, is die volvloermatte uitgehaal wat in mev Vorster se tyd ingesit is. Die houtblokkiesvloere het weer tot hulle reg gekom. Die vloere is geskuur en behandel volgens die tradisionele metode wat op vloere in die ou Kaaps-Hollandse huise gebruik is.<sup>70</sup> Die matte in die eetkamer en die Pierneefkamer kon nie verwyder word nie, want die houtvloere het nie die hele vloer bedek nie. Die gedeeltes wat eers stoepe was en later toegebou is, het sementvloere gehad. Die matte kon gevolglik nie suksesvol verwyder word nie (fig. 110).<sup>71</sup>

<sup>70</sup> Mondelinge mededeling: S. Boonzaaier, Arcadiastraat 976, Arcadia, Pretoria, 0083, 1998-04-09.

<sup>71</sup> Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, *Libertas*, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.



**Figuur 111:** Die Pierneefkamer met sy sagte mentgroen kleurskakering.

Uit: R. Simpson, *Libertas*, (s.a) n.p.



**Figuur 112:** Die kiaatkamer in die tyd van die De Klerks.

Uit: R. Simpson, *Libertas*, (s.a), n.p.

Mevrou De Klerk het waarskynlik die herversiering van Libertas aangepak soos wat sy dit in die geval van Groote Schuur gedoen het. Daar het sy die beperkte begroting oor drie jaar gerek om duur materiale en werkmanskap te kon bekostig.<sup>72</sup>

In die voorportaal was 'n massiewe Bataafse geelhoutkis met koperbeslag wat op 15 Junie 1936 in Kaapstad van Evans & Company gekoop is.<sup>73</sup> Die Karolingiese stoel en die replika daarvan met die skulphoutsneewerk is weerskante van die geelhoutkis geplaas. Die inkstander, gemaak uit die telefone en wat deur generaal Hertzog aan die huis geskenk is, was op die telefoontafeltjie in die voorportaal. Aan die regterkant van die portaal het die okkerneuthoutlaaikas uit die tydperk van Lodewyk XV gestaan. Op die laaikas was 'n kopersamowar (1830-1840) en in die trapgang links van die voorportaal was twee armstoele uit die tydperk van Lodewyk XV (fig.113).<sup>74</sup>



**Figuur 113:** Die voorportaal.

Uit: R. Simpson, *Libertas*, (s.a), n.p.

<sup>72</sup> P.B. Simons, *Groote Schuur, great granary to stately home*, p. 37.

<sup>73</sup> M. Möller, 'n Tuiste vir FW en sy Miekie, *Sarie*, 1992-01-08, p. 16.

<sup>74</sup> R. Simpson, *Libertas*, n.p.



Twee negentiende-eeuse Japanse Imari-vase was in 'n nis naby die telefoon. Die twee vase het 'n kobaltblou onderglasuurlaag en is met baksteenrooi emaljewerk oorgeglasuur. Nog 'n Japanse Imari-vaas met 'n feniks-voëlmotief in kobaltblou en met koperoksied as onderglasuur, het op 'n Morgan-houtvoetstuk gestaan.<sup>75</sup>

Die voorportaal is deur twee Kaaps-Hollandse armoires oorheers. Die een is deur DH Schmidt gemaak en die ander was 'n geskenk van sir Herbert Baker. Van die opvallendste werke was die beeldhouwerke van Anton van Wouw. Een van die interessantste skilderye in die voorportaal was 'n studie deur Frans Oerder van Anton van Wouw. Ander skilderye in die oos- en wesgange was 'n baailandskap (1938) deur Terence McCaw, 'n werk deur Sydney Taylor en WJ Huggens se *Frigate and man of war*. Vier skilderye deur die Hongaarse skilder G Udvary, wat in 1936 vir Libertas aangekoop is, het saam met drie skilderye deur Gwelo Goodman in die gange gehang. Daar was ook 'n skildery deur JA Smith en een deur Nils Andersen *Farm near Hex River*.<sup>76</sup>

In die oosvleuel van die gang was 'n vertoonkas met 'n porselein-uitstalling. Dit het bestaan uit 'n aantal blou-en-wit stukke uit die Qing-dinastie (1644-1722) en het ook porselein ingesluit uit die Kangxi-tydperk (1662-1722) en 'n 18e-eeuse *chine-de-command* uit die Qianlong-tydperk (1735-1795) wat vir die Europese mark gemaak is.<sup>77</sup>

Die kiamtkamer het 'n aantal interessante meubelstukke bevat. Een daarvan was 'n reproduksie van 'n 16de-eeuse skryftafel deur Alessandro Allori. 'n Rolluiklessenaar met hout-inlegwerk was ook in die vertrek. Teen die suidelike muur het twee staanhorlosies gestaan - een deur Jan Henkel en die ander een deur JP Kroese. Weerskante van die horlosies was 19de-eeuse stoele in die Queen Anne-styl met inlegwerk. Dit is die einste stoele waaroor mev Vorster nie kon besluit of hulle almal na Groote Schuur verskuif moes word of nie. Verder was gemaklike rusbanke en stoele in die vertrek geplaas. Hierdie meubels was met ryk tapisseriemateriaal gestoffeer wat die warmte van die kiamt aangevul het. Daar was ook 'n skildery getiteld *Kaapse Toneel* (1935) deur JA Smith (fig.114).<sup>78</sup>

<sup>75</sup> R. Simpson, *Libertas*, n.p.

<sup>76</sup> R. Simpson, *Libertas*, n.p.

<sup>77</sup> R. Simpson, *Libertas*, n.p.

<sup>78</sup> R. Simpson, *Libertas*, n.p.



**Figuur 114:** Die kwaatkamer met die staanhorlosie en inlegstoele.

Uit: R. Simpson, *Libertas*, (s.a), n.p.

In die brosjure van Simpson word na die eetkamer as die banketsaal verwys. Die eetkamertafels en -stoele was dié wat gemaak was van die mvulihout wat deur Uganda geskenk is. Die twee tapisserieë deur Juanita Grant, *Koffietyd* en *Middagskof* (1956), was ook in die eetkamer.<sup>79</sup>

Die Pierneefkamer is vernoem na die twee skilderye deur JH Pierneef wat in die vertrek gehang het. Die vertrek se subtile kleurskema is deur die twee skilderye geïnspireer. Die meubels en gordyne het pienk, groen en tikkies pastelskakerings gehad. Die festoene en plooisels van die vensterbehangsels het aan die vertrek 'n gevoel van onderbeklemtoonde elegansie gegee.<sup>80</sup>


In die Pierneefkamer het Frans Oerder se skildery, *Apiesrivier* en een van Maggie Laubser, *Bantoemeisie*, teen dieselfde muur gehang.<sup>81</sup> 'n Werk deur Gwelo Goodman, *Stellenberg*

<sup>79</sup> R. Simpson, *Libertas*, n.p.

<sup>80</sup> R. Simpson, *Libertas*, n.p.

<sup>81</sup> M. Möller, 'n Tuiste vir FW en sy Mieke, *Sarie*, 1992-01-08, p. 16.

(1919) (fig.115), het teen die westelike muur gehang en twee werke deur Gregoire Boonzaier, 'n landskap en 'n stillewe van 'n vaas met blomme, was ook in die vertrek.<sup>82</sup>



**Figuur 115:** Die Pierneefkamer met die skildery *Stellenberg* deur Gwelo Goodman teen die muur.

Uit: R. Simpson, *Libertas*, (s.a), n.p.

Onder *Stellenberg* was 'n boekrak/buro van knoets-okkerneut wat in 1751 deur Michael Donk van Amsterdam vervaardig is. 'n Kaaps-Hollandse vertoonkas met silwerbeslag en -handvatsels het een van die waardevolste historiese ornamente in *Libertas* gehuisves - die Arita Imari-porseleinveisskottel wat spesiaal vir die VOC gemaak is met die letters "VOC" aan die voorkant. Nog belangrike stukke was 18de-eeuse voorbeelde van Delftse erdewerk, 'n Chinese porseleinbord met 'n jagtoneel uit die Kangxi-tydperk (1662-1722) en 'n laat 18de-eeuse Mintonbord uit Engeland.<sup>83</sup>

<sup>82</sup> R. Simpson, *Libertas*, n.p.

<sup>83</sup> R. Simpson, *Libertas*, n.p.

Op 'n tafel onder die Pierneef-skilderye was 'n tabakhouer uit die laat 19de of vroeg 20ste eeu vervaardig deur die Drie Klokkens-fabriek in Delft. Die tabakhouer het 'n koperdeksel en die inskripsie “*varinas.*” Aan die noordekant van die gegroefde suile het twee Engelse reproduksies van Imari-vleisskottels gehang.<sup>84</sup>

Die President se kantoor het 'n manlike atmosfeer gehad wat geskep is deur die leergebinde boeke, gestreepte Thompson-syweefstowwe en die stewige lessenaar en stoele (fig.116). Mevrouw De Klerk se studeerkamer was gevul met private aandenkings en gesinsfoto's. Die geblomde en geborduurde weefstowwe het 'n rustigheid en intimiteit aan die elegante vertrek gegee.<sup>85</sup>



**Figuur 116:** Die President se studeerkamer.

Uit: R. Simpson, *Libertas*, (s.a), n.p.

Op die boonste vlak van die woning - in die galery - was interessante meubelstukke soos die Lodewyk XV-okkerneuthoutklerekas. Daar was ook 'n Hollandse eikehoutkis uit die 16de eeu en 'n 17de eeuse hoekkas wat uit stinkhout en kanferhout met koperpasstukke gemaak is.<sup>86</sup>

84 R. Simpson, *Libertas*, n.p.

85 R. Simpson, *Libertas*, n.p.

86 R. Simpson, *Libertas*, n.p.

Van die ses slaapkamers het vier eie badkamers gehad. Die slaapkamers het 'n moderne gevoel gehad wat geskep is deur die oordeelkundige gebruik van materiaal en meubels, sonder om die atmosfeer van die woning te skend.<sup>87</sup>

### 3. Tuine

Die tuin wat in 1935 deur Moerdyk ontwerp is, is tipies van die Barok-tuinstyl. Die tuin is deur die jare deur die verskillende inwoners aangepas en verander. Die verskillende terrasse is in formele en informele gedeeltes verdeel. Die noordelike helling is toegelaat om in 'n 'natuurlike' tuin te ontwikkel met inheemse grassoorte, bome en struik. Aan die noordekant van die woning is 'n klipprieel wat met 'n bougainvillea bedek is, wat om die woning tot in die suide by die swembad gaan. 'n Pragtige Kaapse kanferfoelie (*Tecomaria capensis*) groei teen die oostelike muur van die woning.<sup>88</sup>

Aan die oostekant is 'n rypvrye skadutuin wat met sleutelblomme, affodille, boomvarings, koprosma, filodendron, vye (*Ficus benjamina*), inheemse piesangbome, impatiens en cineraria beplant is. Aan die oostekant van die rypvrye skadutuin is die wilde koppiegedeelte met natuurwandelpaaie. Daar groei spekbome (*Portulacaria afra*), rooisingbome (*Burkea africana*), aalwyne en doringbome.<sup>89</sup>

Die formele voortuin is aan die suidekant en is verdeel tussen 'n oostelike en westelike gedeelte. Die sentrale waterfokus van dammetjies, fonteine en watervalle oorheers die gedeelte. Op die onderste terras aan die oostekant is die roostuin met gesiggies, krisante, papierblomme en viooltjies om die rand daarvan. Die onderste terras aan die westekant bestaan uit 'n enorme grasperk wat vir formele tuinpartye gebruik word.<sup>90</sup>

---

87 R. Simpson, *Libertas*, n.p.

88 R. Simpson, *Libertas*, n.p.

89 R. Simpson, *Libertas*, n.p.

90 R. Simpson, *Libertas*, n.p.

#### 4. *Personeel*

Die huishoudingpersoneel is in die De Klerk-tyd heelwat verminder sodat geen onnodige besteding aan staatsgelde plaasgevind het nie. Altesaam twaalf permanente personeel was by Libertas betrokke. Die kontroleur van die huishouding, mnr. F Ferreira, is bygestaan deur ses personeellede wat die kok en die privaatsekretaresse van mev De Klerk ingesluit het. Vyf skoonmakers het die personeelgetal voltooi.<sup>91</sup>

John Camala, wat die motors moes versorg, het gesê dat De Klerk 'n goeie President was, al was sy ampstermyn baie kort. De Klerk het die eerste dag wat hy aan hom voorgestel is, geweet wie hy was en het altyd baie nederig opgetree en na sy gesin se welstand verneem. Elias Aphane, wat sedert 1965 by Libertas gewerk het, het 'n paar Premiers en Presidente sien kom en gaan. Sake het drasties verander toe De Klerk oorgeneem het. Hy was vriendelik en die personeel het in sy tyd baie gereis om funksies in Durban en Kaapstad te beman.<sup>92</sup>

Van De Klerk se huishoudingpersoneel het aangevoer dat hulle 'n diepe lojaliteit teenoor hom ontwikkel het gedurende die tyd wat hulle in sy diens was. Hy het die personeel baie oor die bestuur van daaglikse sake geleer en was nooit bang om verskoning te vra wanneer sake skeef geloop het nie. Daar was minder spanning in die huishouding in sy tyd as tydens die era van Botha.<sup>93</sup>

Op hulle beurt het die De Klerks met hulle personeel se wel en wee saamgeleef; soos die kok wat Saterdagmiddae haar hartseer en moedeloosheid in die groot kombuis van die ampswoning weggebak het en die jong veiligheidswag van mev De Klerk wat gehuil het omdat sy saam met haar kinders uit sy sorg weggeglip het om hamburgers en skyfies te gaan eet.<sup>94</sup>

De Klerk sê dat hulle hulle veiligheidspersoneel oor die jare baie goed leer ken het en dat hulle later amper soos lede van die gesin geword het. Die lyfwagte het hulle oral vergesel en was altyd

---

<sup>91</sup> Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

<sup>92</sup> E.Yayiya, *Madiba's men*, *Pace*, 1995-09, pp. 45-46.

<sup>93</sup> Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

<sup>94</sup> M. Maartens, *Marike*, p.185.

binne hoorafstand, selfs in die buiteland. Oor die gebrek aan privaatheid het die De Klerks nooit die personeel verkwalik nie.<sup>95</sup>

Libertas het sy eie twee kokke om tydens amptelike geleenthede en onthale reg te staan, maar mev De Klerk het dikwels bykomende voorstelle gemaak en met die spyskaart raad gegee.<sup>96</sup> Met groot onthale is van die personeel van die Suid-Afrikaanse Lugmag gebruik gemaak om te help kook, tafels te dek en te bedien. As dit 'n staatsgeleentheid was, was die protokolpersoneel in beheer van die geleentheid. So byvoorbeeld moes die personeel tydens die besoek van president Arab Moi van Kenia voor die tyd uitvind watter geregte en gebruike vir hom aanvaarbaar was en die tradisionele Suid-Afrikaanse spyskaart daarby aangepas. Vir onthale vir vriende en familie het FW en Marike de Klerk self die protokol bepaal.<sup>97</sup>

Die verhaal van hoe De Klerk leer jag het, is verbind aan die Bryntirion-landgoed. Die staatskoonmaker by Bryntirion het die woning met 'n ysterhand geregeer. Met hom in die omgewing het die De Klerks soos loseerders in die huis van 'n baie, baie streng eienaar gevoel. Aan die einde van die winter van 1979 het hy gevra of De Klerk nie 'n bokkie huis toe gaan bring nie. Op sy antwoord dat hy nie skiet nie, het die skoonmaker geantwoord dat hy dan nie 'n "regte" minister is nie. Die gedagte het seker vasgesteek, want De Klerk het later begin jag; in so 'n mate dat die kinders as hulle kom kuier het, gevra het dat daar tog net nie wildsvleis op die spyskaart moes wees nie. Die aand van die inhuldigingsete van De Klerk as Staatspresident was daar tog wildsvleis op die spyskaart! FW de Klerk se moeder het opgemerk dat sy, nes haar kleinkinders, hoop dat mev De Klerk nie gaan verval in die gewoonte van die vorige Premiersvroue nie om net wildsvleis vir etes aan te bied.<sup>98</sup>

Die huishoudingpersoneel, veiligheidspersoneel en personeel van die Kantoor van die President het baie nou met mekaar saamgewerk om so die beste moontlike diens te lewer. Hulle sou die

---

<sup>95</sup> F.W. de Klerk, *Die laaste trek – n nuwe begin*, p. 312.

<sup>96</sup> M. Möller, 'n Tuiste vir FW en sy Miekie, *Sarie*, 1992-01-08, p. 16.

<sup>97</sup> Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, *Libertas*, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

<sup>98</sup> M. Maartens, *Marike*, pp. 143, 147.

kleinste brokkie inligting oor die daaglikse program met mekaar deel om die verloop van sake so vlot moontlik te maak.<sup>99</sup>

### 5. *Onthale en besoekers aan Libertas*

Min van die onthale in Libertas het die sosiale bladsye van die koerante gehaal en die huishouding het nie eintlik die besoekersboek deur gaste laat teken nie. Kosbare inligting oor besoekers aan die woning het op dié wyse verlore geraak.<sup>100</sup>

Daar is streng by die sesmaandelikse verdeling van die inwoning van die amptelike wonings gehou. Soos in die geval van die Bothas, het die groot en belangrike onthale meer in die Kaap plaasgevind en is kleiner en intiemer onthale by Libertas gehou. Staatsonthale was min en amptelike buitelandse gaste is selde by Libertas ontvang. Lede van die Kabinet en die Nasionale Party asook mense uit die besigheidswêreld is gereeld ontvang en mev De Klerk het dikwels damesgroepe met 'n oggendtee of ligte middagetes onthaal.<sup>101</sup>

Soms is vergaderings met ministers of krisisvergaderings in die Pierneefkamer gehou. Die huishoudingpersoneel is dan aangesê om net skinkborde met eetgoed, drankies en koffie in die eetkamer te plaas waarna die aanwesiges hulleself sou help en die huishoudingpersoneel nie die hele tyd daar hoef te wag nie.<sup>102</sup>

Vriende en private persone is baie meer gereeld onthaal as aan die Kaap waar meer staats en amptelike geleenthede tydens die sitting van die Parlement plaasgevind het. By Libertas is gaste soos die Georgiadis-egpaar en die Administrateur-generaal van Suidwes-Afrika, Danie Hough en

---

<sup>99</sup> Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

<sup>100</sup> Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

<sup>101</sup> Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

<sup>102</sup> Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.



sy vrou Mignon, asook die Pretoriase sakeman Johan Roode en sy vrou Lente onthaal.<sup>103</sup> Die Griekse koningspaar was gereelde gaste van die De Klerks.<sup>104</sup>

Een so 'n privaat-aangeleentheid was die viering van De Klerk se twintig jaar in die Parlement. Op 'n Sondagmiddag is vriende en familie uitgenooi om die geleentheid met hulle te kom deel. By dié geleentheid het 'n onbehendige kelner vonkelwyn oor die matriag van etiket in Suid-Afrika, mev Emsie Schoeman, gestort!<sup>105</sup>

In 1993 het mev De Klerk in samewerking met die Departement van Openbare Werke Libertas aan die publiek oopgestel. Die inkomste van die toegangsgeld is aan liefdadigheid geskenk. Die Prinshof- en Sonitusskole vir gehoor- en gesigsgestremde kinders het voordeel uit die dag getrek.<sup>106</sup>

Begeleide toere is onder leiding van kenners soos argitekte en museumkundiges aangebied. Stephan Welz, 'n kenner op die gebied van oudhede, het 'n praatjie oor die geskiedenis van Libertas gelewer. Gaskunstenaars soos Christa Steyn en Jannie du Toit het opgetree by die teeparty wat in 'n groot markiestent op die grasperk gehou is.<sup>107</sup> Die Leër- en Vlootorkes, sangers van die Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste, lede van die Oos-Randse Jeugkoor en die tamboermeisies van die St. Dominic's Senior School het die gaste vermaak.<sup>108</sup> Tydens die ope dag was die hele Libertas, behalwe die private suite van die De Klerk-egpaar, vir die publiek oop. Die De Klerks se private kunsversameling is saam met die staat se kunswerke in die woning uitgestal. Hulle het 'n voorkeur vir moderne Suid-Afrikaanse skilders soos Bettie Cilliers-Barnard.<sup>109</sup>

---

<sup>103</sup> M, Waldner, Introvert Marike en sonnige vroue het heerlijk geklets..., *Rapport*, 1998-02-01, p. 5

<sup>104</sup> Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

<sup>105</sup> Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

<sup>106</sup> C. Naidoo, Marike opens her doors to public for charity, *Sunday Times*, 1993-10-24, p. 4.

<sup>107</sup> Anon., Almal kan môre by Libertas instap, *Beeld*, 1993-10-22, p. 11.

<sup>108</sup> Anon., 'n Fees by Libertas, *Sarie*, 1994-01-05, p. 104.

<sup>109</sup> C. Naidoo, Marike opens her doors to public for charity, *Sunday Times*, 1993-10-24, p. 4.

Mevrou De Klerk het ook die amptelike wonings Groote Schuur en King's House in Durban aan die publiek oopgestel. Die ope dae was baie geslaagd.<sup>110</sup>

Een van die meer opsienbare funksies wat wel by Libertas gehou is, het op 8 Mei 1994 plaasgevind; die inhuldigingsdag van president NR Mandela. Gaste is reeds sedert die oggend vir ontbyt tot tienuur die aand op hoflikheidsbesoeke by Libertas ontvang. Van die gaste wat vir ontbyt ontvang is, was die presidentsvrou van Amerika, mev Hillary Rodham Clinton, asook die vise-president van Amerika, Al Gore en sy vrou Tipper. Hulle het nie baie geëet nie en het daarna na die Uniegebou vertrek. Hulle groot groep veiligheidspersoneel wou soos gewoonlik die Presidentsvrou en Gore in Libertas vergesel, maar is deur die kontroleur van die huishouding die huis verbied met die opmerking dat dit 'n privaatwoning was en dat hulle onnodig was, aangesien plaaslike veiligheidspersoneel aan diens was. Hulle kon dus buite wag, wat hulle teen wil en dank moes doen!<sup>111</sup>

Van die gaste wat later op die inhuldigingsdag by Libertas onthaal is, was mnr. K Klingel, die Duitse Minister van Buitelandse Sake, prins Phillip van Brittanje, prins Phillipe van Spanje en mev Benazir Bhutto, President van Pakistan.<sup>112</sup>

## **6. Libertas moet vir Overvaal verruil word**

Mandela het na sy inhuldiging as President eers in die Presidensie, ook op die Bryntirion-landgoed, gebly. Die Presidensie was vroeër die ampswoning van die Britse Goewerneur-generaal. Met republiekwording in 1961 het dit die Staatspresident se amptelike woning geword. Die Presidensie het onbewoond geraak toe die ampte van Staatspresident en Eerste Minister saamgesmelt het en PW Botha, in sy hoedanigheid as Staatspresident besluit het om in Libertas aan te bly. Die Presidensie is toe as staatsgastehuis en konferensiesentrum gebruik. Die verskil

---

<sup>110</sup> C. Naidoo, Marike opens her doors to public for charity, *Sunday Times*, 1993-10-24, p. 4.

<sup>111</sup> Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

<sup>112</sup> Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

tussen die twee ampswonings was dat die Presidensie 'n "kouerige plek met groot vertrekke" en Libertas 'n "warm en gerieflike huis" was.<sup>113</sup>

Volgens De Klerk het Dave Steward, die hoof van De Klerk se kantoor, Mandela kort na die verkiesing na die Presidensie geneem sodat hy dit kon besigtig. Mandela was vergesel van Barbara Masekela, latere Suid-Afrikaanse ambassadeur in Parys, en 'n tweejarige kleinseun. Mandela het deur die weergalmende sale van die enorme herehuis gestap en sy tevredenheid met die woning uitgespreek. Mandela het toe aan De Klerk gesê dat hulle maar in Libertas kon aanbly.<sup>114</sup>

Later in 1994 het Mandela gesê dat hy op Libertas as sy ampswoning besluit het. Dit sou behels dat De Klerk, as Vise-president, na 'n ander ampswoning moes trek.<sup>115</sup> Mandela het De Klerk ingelig dat die African National Congress (ANC) druk op hom plaas om in Libertas in te trek omdat dit die tradisionele tuiste van die regeringshoof is. Hy het voorgestel dat die De Klerks die Presidensie bewoon, maar net toe hulle hulle in die idee berus het om daar te gaan woon, het die ANC te kenne gegee dat hulle ander planne met die Presidensie het. Die De Klerks kon hulle intrek in Overvaal, die vroeëre ampswoning van die Administrateur van Transvaal, neem.<sup>116</sup> Dit sou van onderlinge reëlings tussen Mandela en De Klerk afhang wanneer Libertas vir die President beskikbaar sou wees.<sup>117</sup>

Vir mev De Klerk was dit 'n hartseer dag om uit Libertas te trek, omdat hulle daar gelukkig was. Dit was vir haar 'n voorreg om soggens wakker te word en oor Pretoria te kon uitkyk - veral die tye wanneer die jakarandas, petrias en bougainvilleas geblom het.<sup>118</sup> Hulle was ook baie nou betrokke daarby om Libertas as kultuurerfenis tot sy reg te laat kom. Sy het persoonlik baie gedoen om Libertas op te bou tot 'n werklike bate vir die land en om dit tot 'n nasionale gedenkwaardigheid te laat verklaar.<sup>119</sup> Vir haar was die ampswoning uiteindelik verteenwoordigend van die allerbeste in Suid-Afrika. "Ek het geweet dat ek nie vir ewig in

<sup>113</sup> G. van Rensburg, FW moet trek, Nelson wil Libertas hê, *Beeld*, 1994-06-08, p. 1.

<sup>114</sup> F.W. de Klerk, *Die laaste trek – n nuwe begin*, p. 356.

<sup>115</sup> Politieke redaksie, Mandela se nuwe tuiste is Libertas, *Die Burger*, 1994-06-08, p. 9.

<sup>116</sup> F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 356.

<sup>117</sup> Politieke redaksie, Mandela se nuwe tuiste is Libertas, *Die Burger*, 1994-06-08, p. 9.

<sup>118</sup> E. Rossouw en J. Jordaan, Agter die voordeur by FW en Marike, *Rooi Rose*, 1994-12-28, p. 13.

<sup>119</sup> E. Louw, Vaarwel aan die lewe van eerste vrou, *Die Huisgenoot*, 1994-09-29, p. 22.

Libertas kan bly nie", was haar woorde oor die skinderstories wat die rondte gedoen het oor haar "forced removal" uit die woning.<sup>120</sup>

Die indruk wat in die media geskep is dat hulle verbete aan Libertas wou vasklou, was volgens haar verkeerd. Die feit dat hulle die ampswoning moes ontruim, het haar nie ontstel nie, wel die manier waarop die aangeleentheid gehanteer is.<sup>121</sup> Vir haar was dit genoeg dat hulle hulle eie stukkie van die Kaap besit het - hulle vakansiewoning by Hermanus.<sup>122</sup>

In 1999 skryf De Klerk in sy outobiografie dat hulle verhuising uit Libertas slegte gevoelens geskep het. Vir hom wat dit van geen belang waar hy gewoon het nie, maar vir sy vrou was dit baie belangrik. Sy het dit ervaar as 'n georganiseerde poging van Mandela om hulle in die verleentheid te stel. Haar gevoelens het daartoe gelei dat sy daarna baie krities teenoor Mandela gestaan het en haar ook so uitgespreek het.<sup>123</sup>

Teen Oktober 1994 het die De Klerks klaar uit Libertas na 'n ander ampswoning, Bryntirion 8, getrek. Hulle het daar gewoon totdat opknappingswerk aan Overvaal afgehandel was.<sup>124</sup> Overvaal is 'n pragtige woning, maar het na die mening van die Departement van Openbare Werke en die De Klerks baie opknappingswerk nodig gehad. Die opknapping het weer tot kwade gevoelens tussen De Klerk en Mandela gelei. Mandela het saam met die argitek deur die huis gestap om te kyk of opknapping werklik nodig was.<sup>125</sup>

Mevrou De Klerk het Overvaal probeer verpersoonlik deur hulle eie skilderye van Zakkie Eloff en Bettie Cilliers-Barnard teen die muur te hang en foto's van kleinkinders oral uit te stal. Mevrouw De Klerk was ook baie nou betrokke by die opknappingswerk aan Overvaal en by die inrigting van haar man se nuwe kantore in die Uniegebou.<sup>126</sup>

---

120 M. Meiring, Marietjie, Marike, Meraai, *De Kat*, 9 (2) Augustus 1994, p. 40.

121 E. Louw, Vaarwel aan die lewe van eerste vrou, *Die Huisgenoot*, 1994-09-29, p. 22.

122 E. Rossouw & J. Jordaan, Agter die voordeur by FW en Marike, *Rooi Rose*, 1994-12-28, p. 14.

123 K. Liebenberg, Mandela denies FW book claim, *The Citizen*, 1999-01-18, p.2.

124 Eie kantoor, Mahlamb'ndlovu byna reg vir President, *Die Burger*, 1994-10-22, p. 6.

125 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – n nuwe begin*, p. 357.

126 E. Rossouw & J. Jordaan, Agter die voordeur by FW en Marike, *Rooi Rose*, 1994-12-28, p. 12.

Dit was vir De Klerk glad nie belangrik waar hy gewoon het nie en volgens hom, het hulle ironies genoeg, baie lekker in Overvaal gewoon. Dit was 'n heerlike ampswoning en uiteindelik het hulle dit verkies bo al die ander ampswonings wat hulle bewoon het. In die Kaap het Mandela verkies om in Westbrooke te bly en die De Klerks het in Grootte Schuur aangebly.<sup>127</sup>

---

<sup>127</sup> F.W. de Klerk, *Die laaste trek – n nuwe begin*, p. 357.